Daar Is 'n Man Hier Wat Die Lig Kan Aanskakel

Dankie broer. (Laat haar sing.) Laat ons ons hoofde nou buig. Ons Hemelse Vader, ons dank U vanmôre vir U goedheid en genade, om ons die voorreg te gee om weer hier bymekaar te kom, 'n dag hierdie kant van die groot Ewigheid, om die lieflike Een te aanbid, die Here Jesus Christus. Ons dank U omdat Hy na die aarde gekom het om—om ons te verlos van 'n—'n lewe van sonde, en aan ons hierdie groot erfenis te gee wat ons het deur Sy geregtigheid. En omdat ons, vanmôre, hier is as Sy ambassadeurs, om—om hierdie Brood van die Lewe te breek vir hierdie afwagtende gemeente, mag die Heilige Gees elke Woord inspireer en dit in die harte van die mense plaas, net soos ons behoefte het. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Sit maar.

2 Ek ag sekerlik hierdie, en 'n groot voorreg, weer vanmôre, om by julle hier te staan. Jammer dat ons nie meer plek het as wat ons het, om vir die mense te sorg nie. Ons Tabernakel is nie heeltemal groot genoeg nie. En ons is baie dankbaar om hier te wees, deur hierdie vakansie, van—van onder by ons huis in . . . by Tucson. En weer was soort van rof, maar ons is bly om hier te wees en die diens te hê.

Nou, ek wil aankondig dat daar vanaand 'n genesingsdiens vanaand sal wees, of 'n gebed vir die siekes. En ek het pas vir Billy vertel. Hy het gesê: "Wel, wat gaan jy doen?"

3 Ek het gesê: "Wel, miskien moet jy maar liewer 'n paar kaarte uitgee vanaand, omtrent ses-dertig, sodat waar die mense nie sal . . . "

En, sien, dis so gepak hierbinne, ons kan weet net hoe om hulle te bring, een vir een, sodat julle geroep kan word volgens die nommer van julle kaart, en sodat daar nie enige opeenhoping sal wees nie. Ons kan hulle net roep, een vir een, hulle deur die lyn laat gaan soos ons vir hulle bid.

4 So, julle, as julle siek is, of geliefdes het wat siek is, en hulle wil inbring, kom omtrent ses-dertig, iets soos dit, sewe-uur, en kry 'n gebedskaart. Hy sal by die deur wees, of hoe ook al hy hulle uitgee, soos julle inkom.

5 En, dan, sal hierdie waarskynlik omtrent die laaste keer wees wat ek kry om terug te kom, vir 'n geruime tyd, want ek het 'n baie swaar skedule nou. Onder, en steeds in die Verenigde State,

tot hierdie lente, laat. So, ons, ons sal miskien weer terugkom 'n bietjie later aan hierdie somer.

As die Here wil, wil ek, as ons die—die plek hier oorkant kry as dit lugversorgd is. Ek sou vir Billy gevra het. Ek wil graag praat oor daardie Sewe Basuine, 'n die-. . . 'n byeenkoms hier hou vir die Sewe Basuine, as—as die Here wil. Vir, daardie, die—die Sewe Kerkeeue, en die Sewe Seëls en nou die Sewe Basuine. En kon 'n sekere tyd soos in Junie kry waar mense hulle vakansie het, hulle tyd gee sodat hulle kan inkom.

6 En ek is bly om Broer Shepherd hier te sien vanmôre, uit die hospitaal. Ek was uit om hom te sien nou die dag. En Suster Shepherd, ek het nie gister daarby uitgekom om jou te bel nie. Daardie droom wat jy my gestuur het was baie, baie goed. Jy het gesien, as't ware, Christus in 'n—op 'n. . . in—in die hemele, op hierdie wit perd, maar tog gebonde, jy sien. Maar, tog, voordat dit weggesterf het, het al jou familie dit gesien. Daardie, die droomverklaring, is dat jou familie Sy beweging van hierdie laaste dae gesien het voordat dit weggesterf het, wat Dit was. So, dis, dit was baie geestelik, en 'n baie goeie seëning vir jou, jou familie. Daardie familie het opgekom uit 'n groot beproewing, om te kom waar hulle vandag is.

7 En nou het ons iets, 'n klein bietjie aan die treurige kant, vanmôre. Sedert ek ontmoet het hier. . . Een van ons dierbare vriende, en—en wat na hierdie Tabernakel kom, die Coatsfamilie; wat, ons almal het hulle lief. Hulle kom van die ooste af, en, of van Chicago, rond. En Suster Billie Habib en—en haar suster, Armstrong, en al die dogters. Hulle. . . Ek dink hulle was eers Nasareëns, en het na die Here gekom, en hulle is baie dierbare vriende van ons.

En Broer en Suster Coats, hulle vader en moeder, was oppad huistoe nou die dag, van oorkant in die weste, en iemand het op die pad gegly en—en Suster Coats laat sterf, oombliklik. En—en terwyl hulle my gebel het oorkant, in—in Tucson, en ek daarvan gehoor het, ek het toe net daar gesit met 'n doos lekkergoed wat sy pas vir my gemaak het, gestaan op die—op die tafel. En julle weet nie hoe dit my laat voel het nie. Maar ek—ek dink dat, dank die Here vanmôre, sy hoef nie te gely het nie. Sy was aan die oud word, en sy hoef nie te gely het nie. En sy het Huistoe gegaan om by God te wees.

8 Ek het net gedink, en gepraat met haar twee dogters, so pas, in die kamer daarbinne. Broer Coats is hier vanmôre; hy het 'n paar gebreekte ribbes. En ek het hom gebel in die hospitaal en waar hy gehospitaliseer was, oorkant in Missouri, en sy ribbes gebreek en dinge, maar hy het sekerlik 'n ware moed gehad, 'n ware Christen; wetende dat sy klein koningin nie dood is nie, sy lewe vir ewig, saam met Christus, en daar sal 'n verenigingstyd wees.

9 Job het gesê, eenkeer: "O, dat U my sou wegsteek in die graf, en my in die geheime plek bewaar, totdat U toorn verby is."

10 Het julle ooit opgelet dat God, in die natuur, dieselfde ding doen? Soos die sap wat daarbo in die bome is, wat op die blare vashou; en voor wintertyd kom, die toorn wat op die aarde uitgestort is. . . Sien, op 'n tyd het die aarde nie winter gehad nie. En in die Millennium sal daar geen winters meer wees nie, julle sien. So dis die toorn op die aarde. Dan wanneer daardie gebeur. . . Sien, voor die toorn kom, stuur God in Sy genade daardie sap reg af in die. . . onder die grond in, in die wortels van daardie boom in, en hou dit daar totdat die toorn van die winter verby is, stoot dit dan weer op, sien, in die lentetyd.

"O, dat U my sou wegsteek in die graf, en my in die geheime plek bewaar, totdat U toorn verby is." Dis wat Hy gedoen het vir ons suster. Dis wat Hy doen vir alle Christen.

11 Broer Coats, God seën jou. Ek is so bly om dit te weet, dat die Seël van God hou in die uur van probleme. Ek weet wat hy mee deurgaan, want ek het met iets soortgelyks deurgegaan, jare gelede. Maar ek. . . Een vir een moet ons oor hierdie groot rivier gaan; en, ek, en dit sal my tyd wees, een van hierdie dae; en jou tyd, een van hierdie dae. Maar soos Dawid gesê het: "Ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my. U stok en U staf, dié vertroos my."

12 Nou ter nagedagtenis aan Suster Coats, ons dierbare suster wat na God toe gegaan het. Ek. . . As 'n klein nagedagtenis aan haar, vanmôre, wil ek hê die gemeente moet net vir 'n oomblik staan.

Laat ons ons hoofde buig en dink aan een wat eens, 'n paar dae gelede, in—in hierdie tabernakel gewandel het, in en uit tussen ons, ons hande geskud het, 'n lieflike Christen, nou in daardie plek is wat die Here my nie lank gelede nie laat sien het, weer 'n jong vrou, wagtende vir haar aankomende familie.

13 Ons Hemelse Vader, ons dank U vir die herinneringe aan Suster Coats. Wat 'n dierbare, liewe suster! En nou kom tyd dat wanneer ons ons lewensduur uitleef, wat vir ons bepaal is, ons die rivier moet oorsteek. Ons dank U omdat sy nie hoef te gely het nie. Daar moes nie enigiets hier teen haar gewees het, waarvoor sy moes gely het nie. Sy het net reguit in die arms van God ingegaan, net binne 'n oomblik.

14 Haar man, haar kinders, is hier vanmôre, Here, reg terug na hulle plek van plig. Hoe ons U dank vir daardie dapper geloof! "Die Geloof van ons vaders wat steeds lewe, in plaas van kerker, vlam, en swaard." Ons dank U vir al hierdie dinge.

15 Laat haar dierbare siel rus, Here. Sy was ons suster. Smart, traandruppels val in ons hart, vir haar afwesigheid, maar vreugde spring op uit die traandruppels, laat ons weet met versekering van U Woord dat sy voortleef in 'n onsterflike lewe

wat nooit kan sterf nie. En daar sal nooit 'n ongeluk wees waar sy nou is nie, slegs wagtende vir diegene wie agterna kom om by haar aan te sluit.

16 Seën Broer Coats, en seën daardie dogters en haar familie, Here, en daardie geliefdes, en almal wie haar liefhet. En eendag, Vader, vertrou ons om haar te ontmoet daarbo in daardie groot Anderkant, waar daar geen siekte, smart, of dood is nie. Tot daardie tyd, hou ons almal gesond en wel, U te dien, en wat uitsien na daardie dag. In Jesus Christus se Naam vra ons dit. Amen.

17 Mag die groot Heilige Gees wat met ons deel hier by die tabernakel, deur die openbaring van Sy Woord, mag Hy haar dapper siel laat rus in vrede totdat ons haar ontmoet.

18 Nou dit is warm hierbinne vanmôre, want dis liggame, julle weet, soveel is die hitte van die menslike liggaam.

19 Nou, ons wil nou graag aankondiging maak. Partymaal ons dienste hier, wat lank is, soggens—soggens, die rede waarom dit is . . . Dis eintlik nie reg om 'n diens so lank te hou nie, omdat, uur, 'n uur-en-'n-half, of partymaal twee ure. Maar wat ek doen, ek neem op hieragter, sien, en hierdie band gaan oor die hele wêreld. En dis wat ek . . . ons vergader, so lank, soggens, is—is omdat ek hiernatoe kom om hierdie bande te maak. Dis om . . . ek . . . hulle is . . . Sien, julle kan in die kamer sien daar, die—die bande wat ge—gemaak word. Nou . . . en hulle gaan uit oral oor die wêreld.

20 Nou, binnekort, as die Here wil, hierdie komende, net sodra ek hier vertrek . . . Ek sal vertrek, as die Here wil, môre-oggend, een of ander tyd, terug na Arizona, want ek het 'n byeenkoms wat opkom. En dan's dit net die heelpad oor die Suide. En julle suidelike mense van onder in Georgia, en Mississippi, en Texas, en Alabama, ons kom reguit af daarin, al die pad in Florida in, sommer gou.

21 Gaan van hier af na Phoenix, daarna na Kalifornië, en reguit terug na Dallas, en—en gaan miskien af na San Antonio, dink ek is dit, en terug oor in Alabama, en Florida, en daardeur. So ons sal julle mense daar onderin sien, as die Here wil, binnekort.

22 En hou julle dan aan bid vir ons, en ons sal julle laat weet wanneer, of ons . . . die Here nou op ons hart plaas om 'n—'n paar dae hier te hou, hierdie komende somer.

23 Ek het 'n groep byeenkomste geskeduleerd gehad. En baie van julle in New York weet toe die visioen gekom het, wat gesê het dat daardie byeenkomste in die Skandinawiese land . . . Julle onthou hulle wat daarbinne geskeduleer was? En toe, terwyl ek in New York was, het die visioen gekom, dat elkeen van daardie byeenkomste sou kanselleer, vir een of ander rede. En ek onthou ek het sommige van julle hier vertel, toe ek in New York was. Dis net presies wat gebeur het, want hulle wou almal dieselfde dag hê en kon nie daardie gebou kry nie.

So, dan, mag dit 'n klein plekkie daar laat in Junie. Dit mag die wil van die Here gewees het, het ek gedink, om miskien terug te kom vir daardie Basuine net hier, voordat dit te laat is. Sien? So ons weet dat alles net reg werk. So dit was op my hart, so dit mag wees wat Hy wil hê ons moet doen.

24 Nou ek sien julle ruil sitplekke met mekaar, en—en buite in die sale, ensovoorts. Ons wens ons het net plek gehad om te gaan sit.

En nou wanneer ons daardie Basuine het, dis . . . ons wil die hoërskool gimnasium kry. Ek dink dit het sitplek vir vyf-en-vyftighonderd, en dan sal ons ook 'n kans hê, elkeen 'n sitplek te hê, en gaan sit en stil luister terwyl ons—terwyl ons preek.

25 Of, hierdie, die Basuine, hulle is baie, baie goed. Ek wat nou die dag daarna gekyk het. Sien, op die Sesde Seël, al Sewe Basuine blaas reg daar op daardie Sesde Seël, sien, net voor die Sewende Seël die Koms van Christus oopmaak.

26 En, vanaand, het ek 'n baie belangrike Boodskap wat ek wil spreek net voor die—die—die genesingsdiens. En as julle hier is, en gaan oorbly, wel, ons sal probeer, as dit moontlik is om net 'n klein bietjie vroeg te begin, want daar sal 'n gebedslyn wees. Ek sal nie te lank preek nie, maar daar is iets wat ek vir die kerk wou sê, vir 'n geruime tyd, en julle soort van op hoogte hou van die—die—die—die . . . hoe dinge verloop op die oomblik, en net waar ons staan, en die beste van my kennis deur die Skrif.

27 Nou, ek wil hê julle moet vanmôre saam met my blaai, as julle wil afmerk of rekord hou van waaruit ons lees, die Boek van Jesája. En ek wil lees uit Jesája, die 42ste hoofstuk van Jesája.

28 Ons is ook baie bly vanmôre, om Broer Dauch te hê wat hier by ons sit. Terwyl julle blaai . . . Julle weet, hulle het gedink hy sou nie lewe nie, hier in Shreveport nou die dag. En hy het beslis geloof. Ja, meneer, hy klim reguit daaruit; die Here seën hom ryklik, ja. Sien, Broer Dauch is een-en-negentig jaar oud, en het 'n algehele hartversaking gehad; en 'n hartaanval, boonop. En die einste dokter het gesê dat hulle nie sien dat daar enige manier is vir hom om te lewe nie. Broer Dauch lewe, en die dokter is dood. Sien? Want, hy . . . Sien, Broer Dauch sit hier.

29 En dan, 'n—'n man, een-en-negentig jaar oud, met hartversaking en hartaanval. En daar, toe ek opgegaan het soontoe, het ek hom in 'n pad afgeloop sien kom; ek het hom in die kerk gesien. En ek het gegaan en hom vertel, onder 'n suurstoftenk: "In die Naam van die Here, ek skud jou hand in die . . . Ek sal jou weer in die kerk sien, en jou hand op die straat skud."

Net die volgende diens, hier was hy, wat reg hieragter in die kerk sit. En ek het oorgegaan na Louisville, waar ons eet by die Blue Boar daar oorkant, om te eet, en net toe ek uit my kar uitklim, met die pad begin oploop het, hier kom Broer Dauch met

die straat afgestap. Daar was dit, net perfek. En hoe die Here hom geseën het!

30 Nou ons gaan praat oor genesing, vanaand, en dinge, en het 'n paar baie uitsonderlike dinge om julle te vertel vir vanaand.

31 Maar nou, sodat ek die bande nou kan kry, dan gereed maak om hulle aan te skakel, wil ek begin lees uit Jesája die 42ste hoofstuk, en die 1ste tot die 7de vers. En Matthéüs die 4de hoofstuk, vanaf, ek dink, 15 en die 16de vers.

32 Nou, in—in die 42ste hoofstuk van—van Jesája, gaan ons lees.

> *Daar is my kneg wat Ek ondersteun, my uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my gees op hom gelê; hy sal die oordeel na die Heidene uitbring.*
>
> *Hy sal nie skreeu* of *uitroep* of *sy stem op die straat laat hoor nie.*
>
> *Die geknakte riet sal hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie; met getrouheid sal hy die oordeel uitbring.*
>
> *Hy sal nie dof brand of geknak word, totdat hy . . . hy die oordeel op aarde gegrond het nie; en die* eilande *wag op sy* leringe.
>
> *So sê . . . die* HERE, *wat die hemele geskape en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met wat daaruit voortkom, wat aan die aardbewoners die asem gee en die gees op wie daarop wandel:*
>
> *Ek, die* HERE, *het u geroep in geregtigheid, en Ek vat u hand en behoed u en gee u as 'n verbond van die volk, as 'n lig van die Heidene,*
>
> *Om verblinde oë te open; om gevangenis uit die kerker uit te lei, uit die gevangenis diegene wat in duisternis sit.*

33 Nou in die Matthéüs se Evangelie, die 4de hoofstuk, wil ek die vervulling lees van daardie profesie wat deur Jesája gegee is. In die 4de hoofstuk van Matthéüs, sal ek—ek begin lees. Indien moontlik, laat ons begin by die 12de vers in plaas van die 15de.

> *En toe Jesus hoor dat Johannes in die gevangenis gesit was, het Hy na Galiléa teruggegaan.*
>
> *. . . Hy het Násaret verlaat en gaan woon in Kapérnáüm aan die see, in die gebied van Sébulon en Náftali,*
>
> *sodat vervul sou word wat gespreek is deur die profeet,* Jesája, *toe hy gesê het:*
>
> Kyk, *die land Sébulon en die land Náftali, na die see toe oorkant die Jordaan, Galiléa van die* Heiden;

die volk . . . in duisternis sit, het 'n groot lig gesien, en die wat sit in die lande *van die* skaduwees *van die dood, vir hulle het 'n lig opgegaan.*

En van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.

34 Mag die Here Sy seëninge byvoeg by die lees van Sy Woord! En nou, snaakse klein teks wat ek iemand hoor praat het, dit gesê, maar ek wil hierdie vir 'n teks neem: *Daar Is 'n Man Hier Wat Die Lig Kan Aanskakel*. En nou gaan ons praat oor die onderwerp van lig.

35 Hierdie volg op die drie onderwerpe waaroor ons pas gepraat het.

Een van hulle, by Tucson, of by Phoenix, oor hoekom Jesus by Betlehem langs gekom het. Dit, Hy moet wees, omdat Hy Betlehem is. Betlehem! *B-e-t* is "huis"; *e-l*, "God"; *e-h-e-m* is "brood," brood. "Huis van God se Brood." En elke Christen wat gebore word in Christus word gebore in Betlehem, God se huis van brood.

36 Dan, daarin, tipifisering van Dawid, wat 'n voortvlugtige was tydens sy ekskommunisering van sy volk. Hy was weggewys. En Betlehem was beleër, en die Filistyne het in garnisoen gelê om Betlehem. En Dawid, 'n voortvlugtige, 'n tipe van die kerk vandag, van Christus. Sien, Christus is 'n Voortvlugtige vir Sy Eie kerk vandag. Hulle het . . . 'n *Voortvlugtige* is "iets wat geweier word." En Dawid was geweier, tog was hy gesalf om koning te wees; maar die profeet het hom gesalf.

37 En gedurende hierdie tyd, as 'n—'n voortvlugtige vir sy volk, het hy baie dapper Heidene opgetel. Een van hulle het agthonderd man doodgemaak, eendag, met 'n spies, of swaard. En 'n ander een het in 'n put gespring en 'n leeu doodgemaak, op 'n sneeuerige dag. En—en hulle het lensies bymekaar gemaak, wat boontjies of ertjies, of iets is, en—en almal van hulle het weggehardloop, en hy het gestaan en manne doodgemaak totdat sy arm moeg geword het. Hulle het ook daardie reuse broers van Góliat doodgemaak.

Dapper manne, wat vasgehou het aan Dawid, omdat hulle geweet het hy sou aan bewind kom. Hulle het geweet, maak nie saak wat enigiemand gesê het nie. God het die salwing op Dawid gehad, en hulle het dit geweet. Hulle was Heidene. Maak nie saak, hoeveel hulle hom weggewys het nie, hulle het tog geweet hy sou aan bewind kom. En eendag daar . . .

38 Wat 'n tipe is dit vandag, van—van Christus, 'n Voortvlugtige! Julle sê: "Christus, 'n Voortvlugtige?" Volgens die Bybel, dat ons . . . God het ons dapper deur daardie Sewe Kerkeeue geneem. Hierdie Laodiceese kerk, was Christus 'n Voortvlugtige buitekant Sy kerk, verwerp, en probeer om weer in te kom. Sien?

Hy is 'n Voortvlugtige, vir Sy Eie kerk. En die rede waarom Hy 'n Voortvlugtige is, is omdat Hy die Woord is, en hulle wil nie die Woord inlaat nie. Hulle het geloofsbelydenisse, in die plek daarvan, aanvaar.

39 En ons vind uit, toe, dat in hierdie groot stryd, daardie dapper manne rondom—rondom Dawid, Heidene.

40 As julle oplet hoe Betlehem gevorm was. Wil nie op daardie onderwerp kom nie, maar hoe Betlehem. . . Eintlik, Ragab, die hoer, haar seun was die een wat Betlehem gestig het. Dit was 'n koringsentrum, en baie goeie water daar. En hy het die klein stadjie gestig. En dit was die kleinste van al die stede, want die profeet het gesê: "Uit. . . Betlehem van Judéa, is jy nie die geringste onder al die prinse van die stede van Jerusalem nie. . . of Judéa? Maar uit jou sal die Heerser kom wat My volk sal regeer." Uit die kleintjie.

41 Dawid, toe hy daarbo uitgekies was. Die groot, goeie broers, toe die profeet Samuel soontoe gegaan het, om te salf, het almal van hulle daar gestaan. Groot, dapper manne, gelyk asof sou wees, gelyk, soos goeie konings gelyk. Maar die einste verwerpte een was die een, Dawid, wat die olie op hom uitgestort gehad het. Die verwerpte stad was die een wat Christus. . .

Dis die verwerpte, wat Christus optel, sien, diegene wat verwerp is.

42 Dan vind ons, na hom het Obed gekom. En na hom het Boas gekom. En daar het 'n ander Heiden ingekom, wat hy ingekom het deur Rut. En daaruit het Isai gekom. En uit Isai kom Dawid. En 'n klein stal teen die kant van die heuwel daarbuite het die Koning van konings voortgebring, Jesus Christus, die Seun van Dawid, sy geestelike Seun.

43 Nou toe, hy was, Dawid wat self gebore is in hierdie stad, moes hy kom na hierdie klein plekkie. En dit was Betlehem genoem, wat beteken: "die—die huis van God se brood." En Hy is die Huis van God se Brood.

44 Dawid, wat daar gelê het op daardie heuwel daardie dag, en hy het afgekyk en die Filistyne gesien wat in garnisoen rondom gelê het soos daardie, moes warm en dors geword het. Hy het gesê: "O, as ek net 'n drankie van daardie put kon hê, nog een keer!" Tog, die geringste van sy gedagte was 'n bevel aan sy, hulle wat hom liefgehad het.

45 So is dit vandag, die geringste van Jesus se gedagte, of wat van Sy Woord, behoort 'n bevel te wees aan ons Heidene wat Hom liefhet. Want ons weet Hy kom aan bewind, maak nie saak hoeveel Hy verwerp word nie. Hemele en aarde sal verbygaan, maar Hierdie sal steeds heers in elk geval wanneer al die hemele en aarde vergaan het. En ons weet Hy kom aan bewind, want niks sal dit weerhou om te gebeur nie. [Broer Branham tik op sy Bybel—Red.] Hierdie is Christus, die openbaring van Hom, en

dit gaan gebeur net soos die Woord sê dit gaan, want Hy is die Woord. En die geringste van Sy bevele daar, maak nie saak hoe klein dit is nie, as dit is "om oor gedoop te word," of wat ook al dit is, ons sal dit doen, in elk geval. Dis Sy bevel.

46 En die geringste van Dawid se gedagte was 'n bevel aan daardie Heidene, want, hulle, 'n tipe van die Heidenkerk vandag. Dapper manne! Sien, daardie manne wat by Dawid gestaan het was Heidene, maar, dapper manne. Hulle was vreesloos. Hulle het nie eens geweet wat vrees was nie.

47 Een man het 'n swaard geneem en agthonderd man doodgemaak, en hulle oral om hom. Wat 'n man was dit nie! Een van hulle, 'n . . .

Een ander man. Daar het 'n Egiptiese kryger opgehardloop, met 'n lang spies. Hy het net 'n stok in sy hand gehad. Hy het die stok geneem en die spies uit sy hand geslaan; die spies geneem en hom doodgemaak, self. Sien?

48 Een van daardie reuse het veertien duim vingers gehad, soos daardie. Nou, veertien duim, jou vinger is net so lank as jou hand, toegemaak; maak dit oop, dit sou 'n agt-en-twintig duim hand wees. En met 'n spies! En reguit daarin gespring en hom doodgemaak. Sien? Hoekom? Hy was 'n dapper man, 'n Heiden wat gekyk het na gesalfde wat hy geweet het sou aan bewind kom.

49 Het julle opgelet, dat hulle wat so dapper was vir Dawid, toe Dawid uiteindelik aan bewind kom, het hy hulle heerser oor stede gemaak? Het Jesus nie dieselfde ding belowe nie? Dieselfde ding, maak hulle heerser.

50 Toe, daarbinne, toe Dawid se begeerte was om 'n vars drankie te hê. Hy het waarskynlik 'n bietjie ou, warm stagnante water daarbo gehad, wat hy gedrink het. Maar hy het begin dink het aan daardie vars water daaronder by Betlehem, die huis van God se brood. En hy het gesê: "As ek net 'n drankie van daardie put gehad het!" En daardie manne het hulle swaard uitgetrek en vyftien myl van Filistyne beveg, nie omdat hy hulle gevra het om dit te doen nie, maar omdat hulle geweet het hy wou dit hê. En hulle het daardie Filistyne gesny, al die pad na die put toe. Terwyl twee van hulle geveg het, het die ander een sy emmer water gekry; en hulle pad teruggeveg, die heelpad terug, en dit aan Dawid oorhandig. Praat van dapper!

51 Dawid, daardie goddelike man, het gesê: "God verbied dat ek dit sou drink van hierdie vriende wat hulle lewe in gevaar gestel het." En hy het 'n drankoffer gemaak; dit op die grond uitgegooi, aan die Here. "Dit aan die Here gegee. Hy is die Een wat dit waardig is, nie ek nie." Hulle sit . . .

52 Die einste tipe van Christus Self, met Sy Eie Ewige Lewe binne-in Hom; die geslaande Rots, het Sy Lewe op die grond uitgegooi, as 'n sonde-offer vir ons, dat hierdie Woord kon lewe.

53 O, Heidene, soos ek gesê het, wie sal daardie swaard saam met my uittrek? Hy wil 'n vars drankie hê, vanmôre, nie hierdie ou stagnante kerkgeloofsbelydenisse en dinge waarmee ons rondspeel nie. Hy wil ware geloof in Sy Woord hê, wie elke Woord Daarvan sal glo. Laat ons gaan na die put en 'n drankie terugbring, 'n verfrissing; 'n aanbidding wat nie gebou is op geloofsbelydenisse en denominasie nie. Maar 'n ware Gees-aanbidding, met Christus onder ons, wat Sy Lewe lewe soos Hy wil, onder ons, wat—wat nie met geloofsbelydenisse en ander dinge is nie. Laat ons Hom net—net op daardie manier hê.

54 Nou, die volgende was hoe God met die volk gedeel het deur 'n droom, in die dae van—van Josef. Het julle opgelet? 'n Droom is sekondêr. Dis 'n sekondêre manier van God wat werk. Party mense kan drome hê, beteken niks nie. Jy kan te veel eet en nagmerries kry. En droom is 'n sekondêre manier. Sien? Maar hoekom sou God Sy Eie Seun beskerm deur 'n sekondêre manier? Hy het verskyn aan Josef. Die welstand van Sy Eie Kind, het Hy in 'n sekondêre manier gestuur. Het julle ooit daaraan gedink? Want, daar was geen profeet in die land nie. Hy moes deur drome werk. En dit was nie 'n droom wat uitgelê moes word nie. Die Engel van die Here het gesê: "Josef, moenie bevrees wees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want dit wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees."

55 Dit was 'n buitengewone ding vir dit om te gebeur. Josef wat 'n regverdige man was, hy . . . Dit was buitengewoon. God is buitengewoon. En die buitengewone is moeilik om te verstaan. Dis hoekom dit so moeilik is om Waarheid te verstaan vandag; Dis so buitengewoon. 'n Vrou om 'n baba te hê sonder om 'n man te ken, dit was baie buitengewoon.

Maar as jy eerlik en opreg is, kan God steeds aan jou verskyn in 'n droom. Dit wys dat enigiets wat jy het, of dit in jou gedagtes is, of jy kan fluit, sing, getuig, of wat ook al jy kan doen, as jou hele wese toevertrou is aan God, kan God dit gebruik as jy Hom net sal toelaat om dit te doen.

56 Toe, die volgende aand hierbo, het Broer Neville gepreek oor die onderwerp van "ontsnapping," hoe die—die man ontsnap het. En ek dink dit was soort van merkwaardig.

En vanmôre het die Heilige Gees my blykbaar laat deel met die onderwerp van die lig, net die volgende. Gaan reguit aan, in die begin, hoe Christus se lewe begin het by die krip, ons loop weer reguit terug daardeur in ons teks. En hy het dit nie geweet nie; ek het dit nie geweet nie; en hier is dit reg by dieselfde ding. Sien, reguit aan, die volgende ding is waar Hy Sy bediening binnegaan. En vanaand het ons iets wat reguit daarby sal inskakel, om reguit aan te gaan, vanaand, as die Here wil.

57 Nou, groot Lig! "Die Heidene wat gesit het in die lande van die skaduwees van die dood, groot Lig het onder hulle ontspring.

In Sébulon en Náftali, in die . . . na Galiléa van die Heidene, groot Lig, het hulle 'n groot Lig gesien."

58 Nou lig, die eerste keer lig, wat ons dit in die Bybel vind, word gevind in Génesis 1:3. Dit was, God se gesproke Woord het die lig gemaak. God het gesê: "Laat daar lig wees," Génesis 1:3, en daar was lig.

59 Nou onthou, dan, lig kom deur die gesproke Woord van God. En lig is die bevestiging, of die onderwerp wat Hy gespreek het, is lig. Wanneer die lig vlieg, wys dit. God het gesê: "Laat daar lig wees." Daar was geen lig nie, en Hy het gesê: "Laat daar lig wees," en daar was lig. Dis 'n bewys. Die lig is 'n bevestiging van Sy gesproke Woord. Selfde ding vandag, 'n bevestiging van Sy gesproke Woord.

60 Nou wanneer julle Sy Woord bevestig sien word, of, ander woorde, bekend gemaak word, bewys, is daardie 'n—die Lig van Sy gesproke Woord. En, sonder lig, niks kan lewe sonder lig nie. Daar is geen lewe op die aarde vandag wat behalwe wat moet kom deur die—die lig van die son, in 'n botaniese lewe, ensovoorts. En daar is geen Ewige Lewe buiten die Seun van God nie. Sien? Hy is die Lig.

61 Nou vind ons uit, glo ek, soos ons nou bestudeer, en hierdie lig . . . "Die aarde was sonder vorm."

62 Nou, sommige mense redeneer vandag in ons skole, ensovoorts, oor die wêreld wat soveel miljoen jaar oud is, en probeer die Bybel veroordeel en sê Dis verkeerd. Hulle het net nie, nog nooit die Bybel gelees nie. Dis al. Want, die Bybel sê ons nie hoe oud die wêreld is nie. Die Bybel het gesê: "In die begin het God die hemele en aarde gemaak." Punt! Wanneer, hoe, dis, ons weet dit nie. Nou, dis die eerste. En, dis 'n punt, dis die einde van daardie sin.

63 "In die begin het God die hemele en aarde gemaak." Dit mag 'n honderd miljoen, of biljoen, of wat dit ook al was, gewees het. En hoe Hy dit gedoen het, dis vir Hom om te weet, sien, nie vir my nie.

Maar die wêreld, wel: "Die aarde was sonder vorm, en leeg; en die water was op die—die aarde. En God," gesê: "het beweeg oor die water." En gesê: "Laat daar lig wees."

64 Nou, ek glo dat die son, ensovoorts, alreeds bestaan het, glo ek, die maan. Soos dit aangaan, Génesis 3, om dit te verduidelik . . . Maar ek glo, wat hier was, dat die wêreld, ons sou dit gebruik, en daarom . . . En dit het inbeweeg; daar was newels en mis oral oor die aarde, wat dit donker gemaak het. En God het gesê: "Laat daar lig wees," en die duisternis het weggesterf, en daar was 'n wolklose hemel.

65 En ek glo dis God se manier om dinge te doen. Hy . . . in die Bybel, sê die volgende vers, die 4de vers sê: "En Hy het die lig

van die duisternis geskei. En die lig het Hy 'dag' genoem, en die duisternis het Hy 'nag' genoem." En God se Woord skei altyd Lig van duisternis. Sien? Dis die Woord wat die skeiding maak, sien, Lig van duisternis.

66 God doen altyd dieselfde ding, wanneer Hy gereed maak om enigiets te gebruik. Soos Hy gereed gemaak het om hierdie ou ster te gebruik, of wat ook al dit was, hierdie wêreld, moes Hy die lig van die duisternis skei. Wanneer Hy gereed maak om te vertrek, om 'n—'n groep mense te gebruik, moet Hy die Lig van die duisternis skei. Wanneer Hy gereed maak om 'n indiwidu te gebruik, skei Hy die Lig van die duisternis. Sien?

67 Lig kom deur God. En die . . . Onthou, die lig kom deur Sy gesproke Woord. Die Woord van God het gesê: "Laat daar lig wees," toe daar geen lig was nie, en Hy het die lig gestuur om die duisternis van die lig te skei.

68 Hierdie Woord van bevel het die hemele skoon gemaak sodat die son kon inskyn. En Sy Woord is wat vandag al die atmosfere van ongeloof skoonmaak.

69 Ek het gepraat, gehad—gehad, ek dink, elf onderhoude net voor ek na die preekstoel gekom het vanmôre, daarbinne. So erg . . .

70 Nou die dag het 'n vriendjie van my, Jim Poole, sy seuntjie, hulle het gedink hy het 'n hartaanval gehad, hom na die hospitaal gehaas. Dit was 'n asmatoestand, het die kêreltjie gegooi . . . Hy kon nie . . . Sy hartjie wat spring, en asemhaal, en—en hy wat skree en nie sy asem kon kry nie, en die kêreltjie het gelyk asof hy sterf, toe hulle hom hier gebring het. En ek was gereed om na die hospitaal te gaan; hulle het hom hiernatoe gebring. En het sy handjie geneem; ek het gesê: "Wat dit gedoen het, masels het die kind getref. En, die masels, die koors het die kêreltjie getref. Hou julle hom dop. Binne 'n paar dae wil ek hom weer sien. Hy sal vol masels wees." En hier is hy vol masels, julle sien. Sien?

71 Nou, wat? God skei duisternis van lig, of lig van duisternis. En Hy skei die dood van die Lewe, en Hy doen dit deur Sy Woord. Sy Woord is wat dit altyd voortbring.

72 Nou, lig! Wel, nou, die saad was alreeds op die aarde. Ek glo God het die saad geplant. En net solank die son by daardie saad kon kom, het dit begin groei. En dis die rede waarom dit slegs dae neem om hierdie dinge voort te bring, omdat die saad alreeds in die aarde was. Al wat dit nodig gehad het, was lig.

73 En dis hoe God vandag het. Sy Saad is alreeds hier, Sy Woord. Die enigste ding wat Dit nodig het, is Lig Daarop. En Hy is daardie Lig, want Hy is die Woord. Die Woord en die Lig is dieselfde ding. Die Lewe daarbinne is die Lig van die Woord, sien, dis die Lewe. Die kiem van lewe lê binne-in die korrel, en die korrel . . . die lewe is wat voortbreek en die lewe uit die korrel voortbring. Dis hoedat Christus, in die Woord, die Woord laat

doen wat Dit veronderstel is om te doen. Net soos die lewe in die koringkorrel, of wat ook al dit is; dit laat die koring doen wat dit veronderstel is om te doen, want dit is die lewe wat daarin is. Alle lewe!

74 So, Lewe is slegs deur die Woord van God wat gemanifesteer word. Lewe kom slegs deur die Woord van God wat gemanifesteer word. Solank as wat dit net in die Boek is, soos hierdie, kan dit steeds bevraagteken word. Maar wanneer dit gemanifesteer word, dan sien julle die produk waarvan Dit gepraat het, gemanifesteer, dan is daardie Lig op die—op die Woord. Sien? Dis wat bring. . . Die Woord het so gesê, en, dan, wanneer dit gebeur, is daardie Lewe in Lig, Lig wat Lewe bring. Lig bring Lewe.

75 Plant die koring hierbuite, dit sal. . . en sit dit in die kelder, bedek dit, en dit sal—dit sal nooit enigiets voortbring nie, want dit kan nie. Daar is geen lig daar nie. Maar sodra die lig dit tref, dan sal dit lewe voortbring as dit 'n ontkiemde saad is.

Dis dieselfde ding wat dit is in die Woord. Sien, die Woord is God, en wanneer die Lewe Dit tref, bring dit Dit. . . Lig tref Dit, laat dit weer die Woord lewe. Elke tydperk was altyd dit. O, hoe waardeer ons hierdie groot dinge, hoedat die Woord wat bevestig is, die Lig van die gesproke Woord is. Sien?

God het gesê: "Laat daar lig wees."

76 Nou, wat as Hy dit net gesê het en geen lig het gekom nie? Dan weet ons nie of dit waar is of nie. Ons weet nie of Hy heeltemal reg is nie. Ons weet nie of Hy God is of nie, omdat Hy net gesê het: "Laat daar wees," en daar was nie. Sien?

So dan, wanneer God spreek en ons sien dit is, dan is dit die Lig wat voortskyn, die Waarheid van die Woord. Sien? Daar is Lig en Lewe.

77 Alle natuurlike lewe kom deur Sy gesproke Woord. En die son is Sy gesproke Woord. Hy het gesê Hy het 'n groot lig in die hemele geskep, vir die dag, en 'n kleiner lig vir die nag. Sien? En alle natuurlike lewe moet kom deur God se gesproke Woord. 'n Blom kan nie groei sonder die lig van God se gesproke Woord wat daarop skyn nie, want die son is, die s-o-n, is die gesproke Woord van God, toe Hy gesê het: "Laat daar lig wees." Sien? Dis God se gesproke lewe. En maak nie saak hoeveel mense probeer om—om *dit*, *dat*, of die *ander* te sê nie, dit bly steeds dieselfde. Jy moet daardie son hê, so lewe, natuurlike, kan slegs kom deur die gesproke Woord van God.

78 En geestelike Lewe, Ewige Lewe, kan slegs kom deur God se gesproke Woord van Lewe. Lewe was die S-e-u-n hierdie keer. In Hom is daar Lig, en in Hom is daar geen duisternis nie; en Hy is God se gesproke Lig. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] God se gesproke Woord, want: "In die begin was die Woord, en

die Woord was by God, en die Woord was God." En Dis vir altyd God. Sien?

En dit neem die Lig van God om die Woord te tref, om Dit te laat lewe. *Hier* is wat Hy gespreek het [Broer Branham tik op sy Bybel—Red.], nou laat die Lig skyn! Amen! Laat die Lig skyn, en die Lig sal elke Woord na Sy regte plek neem, in sy seisoen. Amen! O! Julle sien, wanneer die tyd aanbreek!

79 Partymaal lê daardie korrel in die aarde, doodstil, regdeur die—die winter, soos saad, winterkoring wat in die grond gesaai is. Maar wanneer daardie son net reg kom, o, moet dit lewe. Sien? En dit kan nie sonder die son lewe nie.

En God het beloftes gemaak vir elke tydperk en elke dag. En wanneer die Lig reg kom, en daarop skyn, sal dit net presies produseer wat die Woord gesê het, want Hy is die Lig en die Lewe.

80 God se Woord kom slegs deur die Bybel. God se Bybel is die—die gedrukte vorm van die Seun van God, want die Bybel het gesê Dit is die openbaring van Jesus Christus. Dit is God wat Homself deur Christus openbaar, en Christus is die Woord. En dit neem die Lig van God om op daardie Woord te skyn, om Dit te bevestig, om te bewys dat God steeds Lewe, Ewige Lewe, spreek. Hy spreek natuurlike lig, bring die lewe. Lewe kom slegs deur die Lig, die Woord wat gemanifesteer word, of vlees gemaak word. Toe al die beloftes, in die Bybel, gemanifesteer is, is toe Jesus Christus, die Woord, vlees geword het onder ons. God werk altyd deur die mens. Die mens is God se onderdaan.

81 Nou, as dit 'n bietjie warm word hierbinne vir julle, kan julle die vensters aftrek, of wat ook al julle wil, die verwarmer laer stel. Miskien sal die opsigter die verwarmer 'n bietjie afstel. Ek sien baie is warm. En dis warm om hier te staan, ook, so—so onthou dit. Ek's bly dis warm in plaas van koud, want ek—ek hou van warm. Ek . . . Warm bring altyd lig, lewe, neem vuur.

82 Let nou op: "vlees geword." As die Woord vlees word, word Dit gemanifesteer. Soos, neem die Woord en sit Dit in die regte plek en in die regte soort grond, Dit sal voortbring. Die—die saad sal voortbring van sy soort. En die Woord, gebring in die regte soort van hart, dit sal Ditself manifesteer. Dit sal die lig voortbring. Dit sal voortbreek daarop. Goed.

83 Niks natuurliks, niks natuurliks of geestelik, kan sonder God se Lig lewe nie. Lewe kan dan slegs deur Lig kom. Niks natuurliks of niks geesteliks kan lewe sonder God se Lig nie. Dink daaraan. Goed. Maar wanneer Hy die Lig vir ons stuur, sien, en al hierdie dinge doen, en ons Dit dan verwerp; nou dis die jammerlike deel, is wanneer Lig verwerp word wanneer dit na ons gestuur word.

84 Nou kan julle 'n sekere man vandag voorstel wat sê: "Ek weier net om te sê daar is so-iets soos 'n son. Ek glo nie daar

is 'n son nie"? En hy hardloop af in die kelder, en—en maak al die deure toe, en sit agter in die duisternis, en gesê: "Daar is nie so-iets soos 'n son nie. Daar is nie so-iets soos lig nie." Julle sou dadelik weet, daar was iets verstandeliks verkeerd met daardie persoon. Sien? Daar is iets verkeerd, wanneer hy agter in 'n donker kelder inhardloop en weier om die voordeel van God-gegewe lig te aanvaar. Daar is iets verkeerd met hom. Hy wil nie sy warm strale hê nie. Hy wil nie sy gesondheid-gewende inhoud hê nie. Hy wil nie sy lig hê, om in te wandel nie. Hy sou liewer in die duisternis sit. Dit wys, verstandelik, iets verkeerd, natuurliks, met die man.

85 En ek sê dit met alle liefde en respek. So is daar iets geestelik verkeerd met 'n man wat sal terug hardloop in sy denominasies van geloofsbelydenisse in, en weier om die Bybellig te sien wanneer dit reg voor hom skyn. Daar is iets verkeerd met hom. Sien, gaan terug in sy geloofsbelydenisse en vorms, en maak die deur toe en sê: "Daar is nie so-iets soos Daardie nie. Die dae van wonderwerke is verby. Daar is nie so-iets soos Goddelike genesing nie, daar niks van hierdie dinge nie. Daardie was vir 'n apostel." Die man is geestelik kranksinnig. Sien? Daar is iets verkeerd met hom. Hy—hy—hy het die gordyne afgetrek en die Heilige Gees verwerp wat op hom kan kom. As hy kan . . .

"As julle in My bly, en My Woorde in julle, dan, die Lig wat op hierdie Woord skyn, vra wat julle wil." Sien? Sien?

86 Daar is iets verkeerd, dat hy die God-gegewe bronne sou verwerp, wat God ons gegee het om deur te lewe, Sy Woord. "Die regverdiges sal deur geloof lewe."

"En die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord," nie deel van die Woord nie: "elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." En wanneer 'n mens Daardie net sal weier, is daar iets verkeerd met daardie persoon; iets verkeerd met sy ondervinding, dat hy aanspraak maak om God lief te hê en God dan weier. Daar het iets verkeerd gegaan met die persoon. Ons weet dit, sonder enige twyfel. Hy verwerp Dit, hardloop in hierdie plek in, en sê: "Nou ek net . . . Ek wil niks Daarvan weet nie. Moet my niks vertel van hierdie Dinge nie. Ek, ek glo niks Daarvan nie. Jy, maak nie saak wat jy sê nie!"

87 'n Kêrel het gesê, nie lank gelede nie. Ek het julle daarvan vertel. Hy het gesê: "Ek gee nie om of jy vyftig kankers sou bring, en vyftig dokters bring om van hulle te getuig nie, ek glo nie. Ek gee nie om of jy die dooies sou oprig, reg voor my nie, ek sou dit nie glo nie." Sien, daar is iets verkeerd met daardie persoon. Daar—daar—daar is. En—en, tog, was die man 'n prediker, sien, sien, veronderstel om 'n prediker te wees.

Maar net omdat daardie organisasie nie glo in—in die kragte van God nie, glo nie dat (die Woord) Dit bedoel het net wat Dit gesê het nie, hardloop die man in hierdie kelder in, ou muwwe,

vuil, vieslike kelder van 'n organisasie, en weier die warmte en Lewe-gewende strale van die Heilige Gees, Jesus Christus, wat dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Dan is daar iets verkeerd met daardie persoon. Sien?

Hy sou liewer lewe in daardie muf, duisternis, ensovoorts, as om te lewe in die Lig van die God en van die Bybel wat gesê het, dat: "Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. Selfs groter as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na My Vader." Daar is iets verkeerd met daardie persoon. Geen vraag, hoegenaamd nie, daar is iets verkeerd.

88 En aan julle mense wat hierna luister, regoor die wêreld, waar ook al julle mag wees. Daar is iets verkeerd met julle ondervinding, wanneer julle sê dat julle God liefhet en Sy Woord weier. Daar is iets. Julle weier die einste. . . Geen wonder die dinge kan nie, die kerk is in sy toestand, en dinge kan nie gedoen word soos God belowe het nie, is omdat julle nie eens die Woord wil ontvang of in die Lig wil wandel nie. Die Bybel het gesê: "Laat ons in die Lig wandel, soos Hy in die Lig is, dan reinig die Bloed van Jesus Christus, God se Seun, ons van alle sonde." Sonde is "ongeloof."

89 As ons dan wandel in die God-gegewe Lig van die uur, dan neem God daardie Woord wat gegee is vir die uur en bevestig Dit.

Net soos Hy gedoen het in Génesis 1:3, gesê: "Laat daar lig wees," en lig het voortgekom. Sy Woord het uitgegaan, en lig het Dit gevolg, en die mis skoongemaak. En die duisternis het na een hoek toe gegaan, en die lig het aan die ander kant geskyn.

90 Dis hoe God vandag maak. Hy stuur Sy Woord vir hierdie uur, en die Heilige Gees kom en laat daardie Woord lewe. En die duisternis gaan aan na hulle geloofsbelydenisse en denominasies, maar Lig skyn omdat dit die Woord van God is, wat bevestig word dat Sy Woord waar is. Nou, daar is niks denkbeeldig daaraan nie, dis net presies Skriftuurlik. Goed.

91 Nou, ons vind dat die—die wyse manne, die wyse manne van die Ou, het die God-gegewe voorwerp gevolg. Hulle het die Woord van God gevolg, na die Lig, want dit was die Woord wat Lewe gebring het. Nou sê julle: "Hoe het hulle gevolg?" Wel, hulle was, soort van, sterrewiggelaars, verstaan ons.

92 En dan vind ons uit dat Bileam, die profeet, terug in Númeri 24:17, Bileam was self soort van 'n sterrewiggelaar. Hy was 'n profeet, waarlik, en hy het hier geprofeteer en gesê 'n Ster sou uit Jakob opstaan.

En toe hierdie wyse manne gesien het dat die Woord van God gesê het 'n Ster sou opstaan uit Jakob, het hulle daardie klein God-gegewe teken gevolg na die bron van Ewige Lig.

So sal wyse manne vandag, wie nie verblind is deur geloofsbelydenisse nie, die God-gegewe, gesproke Woord volg, totdat hulle die volheid van die Krag van God sien uitbloei in hierdie uur. Hulle, hulle sien dit, en hulle weet dat dit hier is in die Skrif. God het dit belowe vir hierdie dag.

93 Maak nie saak hoeveel sterrewagte, hoeveel ander dinge, die wyse manne vertel het nie: "Tog, julle is van julle verstand af!" Hulle was twee jaar op reis. Hulle het verby baie volke gegaan, en hulle sou sê: "Waarheen gaan julle?"

94 "O, ons het Sy Ster in die Ooste gesien, en ons kom om Hom te aanbid."

En toe hulle opgelyn het in Jerusalem, die denominasionele hoofkwartiere, het hulle nie die antwoord gehad nie. Hulle het op-en-af in die strate gegaan, aan die uitroep: "Waar is Hy, die Koning van die Jode, wat gebore is?" Hulle het niks daarvan geweet nie.

So, hulle het die Woord besoek, om uit te vind. Hulle het gevolg, geweet daardie Ster het hulle gelei na die Ewige Lig. "Lei ons na U perfekte Lig." En die Woord is wat julle lei na die Lig, en die Lig is wat die Woord bevestig. Let op, hulle was wyse manne.

95 En wyse manne vandag, nie wy-. . . "Die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid vir God." Al julle wetenskaplikes, en julle mense wat staatmaak op 'n sekere groot geleerdheid, of iets anders, julle vertel hoe om 'n atoom te verdeel; dit kan julle nie Lewe gee nie. Daar is niks wat julle kan Lewe gee behalwe die gesproke Woord van God nie. Dis die enigste waar daardie Lewe kan kom, is deur Sy gesproke Woord.

96 En dis goed en wel, om te weet hoe om 'n atoom te verdeel. Ek wens hulle het dit nooit uitgevind nie. Maar as hulle. . . Hulle moet dit doen, want hierdie wêreld hang vandag. . . Dit moes gebeur, om hierdie groot gate in die aarde te bars, om daardie lawa te laat voorkom, en hierdie wêreld weer te verjong, om 'n nuwe aarde te maak; waar die regverdiges sal uitloop op die stof van die goddelose, waar sonde vergete sal wees. Alles het 'n manier om ditself te verjong. En die mens, wie gegee was om op hierdie aarde te woon, deur sy eie wysheid, deur die boom van kennis te neem in plaas van die boom van die lewe, hy sal die aarde wat God hom gegee het om op te lewe, vernietig. Maar hulle wat steeds op die Boom van die Lewe is, sal kom na 'n nuwe hemele en 'n nuwe aarde, waar daar geen siekte of dood is nie. Lig! Lig, Here, stuur ons Lig.

97 Dit was die Engele van God wat lig op die heuwel getoon het, om die skaapwagters na die Ewige Lig te lei. Sien, dit kom slegs deur Lig. Lewe kan slegs kom deur Lig. Die skaapwagters, wat wou weet. Julle weet, wanneer 'n koning gebore word, het hulle sang, groot aanganery, wanneer die koning gebore word. Nou, Hy was so in die geheim gebore, en gebore in 'n stal, in 'n

—'n krip waar die beeste en perde geëet het, maar tog was Hy 'n Koning. En die—die Engele het afgekom en die gesange gesing vir die skaapwagters, in die Lig.

Die Engele, self, was ligte wat gewys het saam met die Woord van God. Hulle het die Woord van God gehad, en hulle vertel: "Vandag, in die stad van Dawid, in Betlehem, is Christus die Verlosser gebore." Die Engele het die Woord gehad, en die Woord het gekom deur Lig, om te lei. En hulle het die Woord van die Engele gevolg, na die Ewige Lig. Hulle het die Baba daar gevind, toegedraai in doeke, soos Hulle gesê het. Want, julle sien, Lewe kom slegs deur Lig.

98 Let op, Hy was die Woord wat Lig gemaak is, of Lig geword het. Die Woord in daardie geslag, Hy was die Woordlig van daardie geslag, want die profete van ouds het van Hom gepraat, en hier kom Hy en het bevestig Hy was die Lig van God se gesproke Woord. Sien? Al die profete het—het gesê, is vervul in Hom, sien, die profete hieragter saam met die Woord.

Soos God aan die begin was, toe Hy gesê het: "Laat daar lig wees," en lig gekom het.

Nou die profeet het gesê: "'n Maagd sal swanger word, 'n Seun voortbring. Hulle sal Sy Naam Emmánuel noem, want Dit sal God met ons wees." Nou, hulle het dit gespreek, die Woord het uitgegaan; maar Hy was die Lig. Wat was Hy? Die vervulling. Halleluja! Hy was die vervulling van daardie Woord. Hy was die manifestasie van daardie Woord.

99 So is dit vandag, God se Woord is vervul in die uur! Dis die Lig. Dis God wat Homself manifesteer. Hy was die Lig van die wêreld.

100 En toe die profete, geïnspireer deur die Heilige Gees, gesê het: "Vir ons is 'n Kind gebore, vir ons is 'n—'n Seun gegee, of is 'n Kind gegee; en Sy Naam sal genoem word 'Raadsman, Vredevors, Sterke God, Ewige Vader,'" daar was dit. Wat was Hy? Die Lig wat daardie Woord vervul het, amen, die Lig wat daardie Woord vervul het.

101 In Matthéüs, in Matthéüs die 28ste hoofstuk, vind ons. En toe Jesus opgestaan het uit die dood, was Hy ook die Lig van die gesproke Woord van Dawid, wat gesê het: "Ek sal nie Sy siel in die hel laat nie; ook sal Ek nie My Heilige verderwing laat sien nie." Dood was in duisternis. Maar Hy het die seëls van die dood oopgebreek, en daar ingeloop, en weer uitgekom. Hy was die Lig, die bevestigde Woord, dat die dooies kan lewe nadat hulle dood is. Hy was.

102 Op die Pinksterdag, was daardie die Lig, wat geskyn toe die Heilige Gees gekom het.

Jesája het gesê, in die 28ste hoofstuk van Jesája, het Jesája gesê dat, met: "Gebod moet op gebod wees; reël moet op reël

wees; hier 'n bietjie, en daar 'n bietjie." "Hou vas aan wat goed is." "Want met stamelende lippe en met ander tale sal Ek met hierdie volk praat. En hierdie is die rus, hierdie is die Sabbat, wat Ek sal gee aan . . . En dit alles wou hulle nie hoor nie; weggeloop, hulle koppe geskud."

En toe op die Pinksterdag, toe die Heilige Gees geval het op daardie mense, en hulle opgetree het soos dronk manne en vroue, gesteier het onder die impak van die Heilige Gees. En hulle het weggeloop en hulle koppe geskud, en gesê: "Hierdie mense is dronk, vol nuwe wyn," ensovoorts. Dit was absoluut die Lig, die Woord wat geprofeteer is, gemanifesteer.

103 So is dit in elke eeu, die Woord wat gemanifesteer word, word Lewendig, is die Lig van daardie eeu, die Woord daar gemanifesteer. Net soos dit was in Génesis 1, toe God gesê het: "Laat daar lig wees," en daar lig was. Toe God gesê het daar sou 'n Seun wees; en daar 'n Seun was.

104 Toe God gesê het, in Joël 2:28: "Dit sal gebeur in die laaste dae, dat Ek My Gees sal uitstort op alle vlees; julle seuns en dogters sal profeteer; op My diensmaagde en diensmeisie sal Ek My Gees uitstort; julle jongmanne sal gesigte sien; julle ou manne sal drome sien." En al hierdie dinge wat Hy belowe het, toe Dit, Heilige Gees geval het, was die Lig op daardie Woord. Toe die Woord gemanifesteer is, toe het Dit Lig geword.

Hy is die Lig. Hy is die Lig wat ons moet volg. Hy is die enigste Lig. Die Engele het Lig gevind, en Dit na Hom toe gevolg.

105 Nou, in alle eeue, het God soveel van Sy Woord uitgesit vir elke eeu. God stuur altyd iemand waarin daardie Woord kan inkom, en die Lig Daarvan kan wys. Dit, elke eeu, doen dit dieselfde ding, doen dit altyd.

106 Hy was die vervulling, soos ek gesê het, van alles van die Goddelike, heilige kragte van die profete. Hulle was kleiner gode. Toe die Woord van God gekom het na 'n man, het Jesus, Self, gesê dat hy 'n god was. Julle weet dit. Hy het gesê: "As julle wet gesê het, en julle vaders destyds, hulle genoem het, na wie die Woord van God gekom het, hulle 'gode' genoem het, hoe kan julle My veroordeel, wat sê, toe Ek gesê het: 'Ek is die Seun van daardie God'?" Sien?

Wanneer, die einste God Self, Wie die Woord deur die profete gespreek het, Hy die manifestasie van daardie gesproke Woord was. En as die profeet 'n god genoem was, omdat hy die manifestasie was van 'n ander profeet se Woord, hoe kan julle Hom veroordeel wanneer Hy dieselfde ding was? Hy was die Seun van God, soos Hy die Seun van God genoem sal word.

107 Hy was die lank-beloofde Messias waarvoor die wêreld gewag het. Hy was die Messias se belofte gemanifesteer.

108 Kyk na Hom toe Hy daar gestaan het. Hy het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, veroordeel My dan." Sien? "Maar as julle My nie kan glo nie, glo die werke wat Ek doen. Hulle getuig Wie Ek is. Hulle vertel julle Wie Ek is."

Julle sien, daardie blinde, verdonkerde uur, waarin hulle gelewe het, kon hulle Dit nie sien nie. Hulle kon net nie verstaan nie. "Hoe kon Hy Dit wees? Hoe kon hy enige Seun van God wees, wanneer Hy reg hieronder in Betlehem gebore is?" As hulle net geweet het, die Woord het gesê Dit sou so kom. "Tog, Sy vader, Josef, is 'n timmerman. Sy moeder, tog, dit word in der waarheid geglo onder ons broers, dat Hy buite-egtelik gebore is." Sien? Maar tog het die Woord van God dit gesê.

109 Hy het gesê: "Ondersoek die Skrifte, want in Hulle dink julle dat julle die Ewige Lewe het, en Hulle is die Einstes wat getuig Wie Ek is. Hulle is Dit wat van My getuig, hierdie Heilige Skrifte." Wat was Hy dan? God se Lig. Geen wonder Hy het gesê: "Ek is die Lig van die wêreld," nie.

110 Nie alleen het Hy gesê: "Ek is die Lig" nie, maar Hy het gesê: "Julle is die Lig." As Sy Woord in julle is, van Homself getuig, dan is julle Lig van die wêreld. Let op, ons vind uit, Lig van elke eeu was net dieselfde gemanifesteer.

111 Dan wil ek die vraag vra, as . . . voor ons tyd opraak. Hoekom, hoekom was hulle dan . . . het hulle dit weggewys? Hoe kon hulle dit doen, wanneer die . . . Hulle einste Bybel, wat hulle gelees het, is voor hulle gemanifesteer. Nou bestudeer nou baie hard.

112 Nou onthou, ek praat met baie mense op hierdie tydstip, julle sien. Nie net vier- of vyfhonderd hier nie, maar ek—ek praat met baie duisende.

113 Stop net 'n minuut. Stop julle bandmasjien en vra die vraag. Hoekom sou godsdienstige mense, goeie manne . . . Hoekom sou Josef bevraagteken? Sien? Hoekom sou Jo- . . . ? Omdat hy nooit die Skrif ondersoek het nie.

Hoekom het die priesters bevraagteken? Een rede hoekom hulle nie het nie . . . hulle het dit geweet. Nikodémus het dit goed uitgedruk. Hy het gesê: "Rabbi, ons weet U is 'n leermeester van God. Geen mens kan doen wat U doen, behalwe as God met hom is nie. Ons is bewus daarvan." Maar wat was dit? Hulle tradisies het hulle weerhou om dit te doen.

114 Hoekom was hulle dan, het hulle die Messias verwerp? Is om . . . Hoekom het hulle daardie Lig verwerp? Hier is die Woord wat hulle geweet het sou gebeur, maar toe die Woord gemanifesteer is, om te wys dat die Woord van God vervul is, vergelyk dit met vandag. Sien? Wanneer daar, geskryf in die Woord, daardie sou plaasvind, hoekom het daardie manne dit dan verwerp; leermeesters? Omdat hulle gelewe het in 'n skynsel van 'n ander lig. Daar is dit. Hulle het gelewe in 'n skynsel.

Dis die ding wat hulle vandag doen. Hulle lewe . . .

Die rede waarom hulle dit weggewys het is omdat hulle in 'n skynsel van 'n ander lig gelewe het. Sien? Nou, hulle het gelewe in 'n skynsel van wat Moses gesê het, het hulle op aanspraak gemaak. Hulle het gelewe in 'n skynsel van wat ('n ander eeu) wat verby was.

En dis die einste rede vandag dat hierdie Boodskap, dat: "Jesus Christus steeds dieselfde is," weggewys word, omdat die mense lewe in skynsels van ander eeue. Dieselfde rede, hulle sal Dit wegwys. Nou let ons op.

115 En Webster sê, dat: "'n Skynsel is soort van 'n vals lig. 'n Skynsel is 'n vals lig; selfde ding wat skyn."

Soos—soos 'n lugspieëling op die pad. Jy gaan in die pad af, baie van julle wat motors bestuur, en kyk af voor jou. Wanneer julle daardie son op die grond sien, reflekteer dit 'n lig, en soos 'n lugspieëling, lyk asof daar water regoor die pad is. Maar, wanneer jy daar kom, is daar niks daar nie. Dis slegs 'n vals, lugspieëling, die skynsel van 'n ware lig.

Dis wat die duiwel vandag doen, wys mense 'n lugspieëling, 'n Raad van Kerke, 'n groep denominasies, wat sal uitkom as vals. Omdat, dis omdat daar 'n ware Lig is wat skyn. As daardie ware Lig nie geskyn het nie, kon daar nie 'n lugspieëling wees nie. Ware Lig skyn. En dis . . . Hulle lewe in 'n skynsel van 'n ander eeu, 'n ander ding, want dis geslaan en het verbygegaan.

Nou, 'n skynsel, hierdie lugspieëling is vals. Dis 'n skynsel van die son.

116 En dis hoe, hulle dieselfde ding gedoen het, 'n vals skynsel van die ware Lig.

117 Nou, dit het bewys dat Hy die ware Lig was. Hy was die Lig. Hoekom het hulle geweet dat Hy die Lig was? Hoe kon julle weet Hy was die Lig? Omdat die Woord wat belowe was, gemanifesteer is deur Hom, so Hy was die Lig van daardie gesproke Woord. Amen! O, dit sal my, 'n pinkster Baptis, amper laat skree. Let op, dink daaraan!

118 'n Skynsel, sien, lewe in 'n skynsel! Maar wanneer die ware Woord lewe, is dit die Lig, wat God gesê het.

Nou, wat as God gesê, in die begin: "Laat daar lig wees," huh, wel, en daar het iets anders verskyn, sien, net 'n lugspieëling? Sien, dit sou nie wees nie, hoewel, wat God gesê het. Nee, dit sou nie wees nie. Wat as God gesê het: "Laat daar lig wees," en nog mis het gekom? Sien, dit sou nie lig wees nie. Maar, die rede waarom lig gekom het, dit was Sy Woord gemanifesteer.

En vandag, wanneer God gesê het sulke dinge sal plaasvind teen hierdie tyd, en julle sien dit dit doen, (wat is dit?) dis die Lig op God se Woord. Dis Woord wat Lig gemaak word, wat Ditself manifesteer.

119 Nou, hulle het gesê: "Wie sê U is ons? Tog," hy het gesê: "U probeer om . . . Ons weet dat U kranksinnig is. Tog, U is 'n Samaritaan; U is nie by U volle verstand nie. Wel, U sal probeer om . . . Wie kan sê . . . Ons weet U is gebore in sonde. Ons weet nie waar U vandaan gekom het nie. Ons het geen rekord van U identifikasie in ons groepe nie. Tog, U is kranksinnig. U het 'n duiwel." Sien? Gesê: "Tog, U is van U verstand af." Maar Hy was eintlik die egte, ware Lig van God, wat geskyn het.

En die skynsel het blind gemaak, hulle oë verblind. "Ons het Moses as ons gids!"

120 Hy het gesê: "As julle Moses sou geglo het, sou julle My geken het."

121 En as julle Jesus en die Bybel sou glo, sou julle hierdie uur geken het waarin julle lewe. Hulle sê: "Wel, ons is Christene. Ons . . . " As julle was, sou julle die handelinge van Christus vir hierdie dag geken het. Sien, julle sou dit geken het.

122 Jesus het gesê: "Al daardie profete het gepraat van My. En as julle daardie profete glo, tog, sou julle My ken. My werke identifiseer. Omdat, wat hulle gesê het Ek sou doen, dit doen Ek. En wie kan My nou veroordeel van ongeloof?"

123 En steeds het hulle dit nie gesien nie. Hoekom? Hulle oë was verblind, met 'n skynsel; sien, die skynsel van iets anders wat hulle geneem het wat die ware gesproke Woord was. Nou dink daaraan. Dink daaraan. Hulle het aanspraak gemaak daarop dat hulle daardie Woord geglo het. Maar hulle tradisies het hulle gesigte weggedraai van die ware Woord, na 'n skynsel, daarom kon hulle nie die ware ding sien nie.

So is dit vandag. So was dit in elke eeu. Sien, die—die ware Woord skyn, maar hulle is so getradisionaliseer, dat, hulle nie daardie Woord kan sien nie. Hulle kyk na 'n skynsel, en hulle is blind. 'n Skynsel sal julle verblind. Daar is 'n vonk daarvanaf. Dit sal julle verblind. En, dit sal, wanneer . . .

124 Jesus het gesê: "Julle is blind, lei die blindes." Hulle behoort in staat te gewees het om dit te sien, te sien Wie Hy was. Maar hulle het nie, omdat hulle gelewe het in daardie skynsel.

125 Nou, 'n skynsel, soos ek gesê het, is 'n valse lig, 'n lugspieëling, 'n valse denkbeeld van die ware Lig. Valse denkbeeld; dis iets wat—wat veronderstel is om soos Dit te lyk, maar dit is nie Dit nie.

126 Nou die enigste manier wat hulle die verskil kon sien, omdat die einste dinge wat Jesus gedoen het, bewys het Wie Hy was, dat Hy die Lig was. Hulle het gedink hulle was in die Lig. Maar nou as julle net 'n oomblik stop en oorweeg wie in die Lig is, dan.

127 Nou, vandag! As so 'n roekelose fout gemaak was deur die kerkmanne van daardie dag, so 'n roekelose ding gedoen was, broers, dink julle nie dat dit tyd is dat ons stop en oorweeg wat

Lig is nie? Laat ons nie so 'n roekelose fout maak nie. Maar julle doen dit. Julle het dit alreeds gedoen, sien, en dit nie geweet nie, selfde as wat hulle toe was. Nou stop net 'n oomblik en vind uit wat die Woord vir vandag sê.

128 As hulle gestop en gedink het: "Hier vervul Hy, tot die letter, presies wat die Woord gesê het Hy sou doen."

En Hy het hulle uitgedaag, soos ek julle uitdaag! Sien? Sien? Ek daag julle uit om in die Woord te kyk, die Skrifte te ondersoek, te kyk of hierdie nie die uur is nie. Sien? "Ondersoek die Skrifte, want in Hulle dink julle dat julle die Ewige Lewe het, en Dit is Dié wat van My getuig." Dit is Dié wat getuig van hierdie werk vandag. Die werke self getuig dat dit gedoen word, en die Skrif sê dit sal gedoen word, so dis die Lig van die uur. God se Woord het so gesê.

129 Julle tradisies en dinge is presies wat die Bybel gesê het, soos hulle wat hulle koppe geskud en weggeloop het. "Al die tafels het vol braaksel geword," het die Bybel gesê. En dis waar hulle was. Hulle wou dit nie glo nie. Hulle het hulle koppe geskud. En, menere, besef julle? En, broers, besef julle dit, dat, wanneer julle die einste ding wat God voor julle bevestig, verwerp, dat julle dieselfde ding doen wat hulle gedoen het, teruggaan na julle tradisionele braaksel?

130 "Soos 'n hond gaan na sy braaksel." As dit hom siek gemaak het, die eerste keer, sal dit hom die tweede keer siek maak. As die Katolieke kerk, georganiseer is en die eerste organisasie gemaak het, siekte na die kerk gebring het; so sal Lutheraan, Metodis, en al die res van hulle, Baptis, Presbiteriaan, en Pinksters. "'n Hond gaan terug na sy braaksel, en 'n sog gaan terug na haar moddergat." Sien? Ons kom daarby binne 'n paar minute, as die Here wil.

131 Skynsel, wandel in 'n skynsel, sien, 'n lugspieëling, 'n valse denkbeeld van ware Lig. Hy het bewys dat Hy die Lig was.

Omdat, Hy, as in die. . .ver in die minderheid, o, goeiste, miljoene teen Hom! Daar was nie een sesde van die mense, een negentigste van die mense, op die aarde, wat ooit geweet het Hy was hier nie. Nie, ek reken, een—een honderdste van die Jode, of kwalik een vyftigste van hulle, of veertigste van hulle, sou ek sê, miskien minder as dit, van Sy Eie land, het ooit geweet Hy was daar nie. En hulle wat wel geweet het Hy was daar, het Hom 'n valse iets geag, omdat die denominasie hulle vertel het dis wat Hy was. Sien?

Maar tog was Hy die ware Lig wat gespreek was sedert Génesis, in die begin, en hulle gevra om die Skrifte te ondersoek en uit te vind of Hy nie net gelewe het in daardie tyd nie; of Hy, die werke wat Hy gedoen het, nie presies vervul het wat belowe was vir daardie tyd nie. Amen. O!

132 Wat 'n ernstige ding is dit, broer! Ons lewe in 'n verskriklike tyd.

133 Hy het reg blyk te wees. Hy was die einste Lig waarop hulle aanspraak gemaak het om te aanbid. Hulle het aanspraak gemaak daarop om daardie Lig te aanbid.

En so is dit vandag. Hulle maak aanspraak daarop dat hulle Dit aanbid. Pinksters maak daarop aanspraak. Hulle maak aanspraak hulle is, en so blind hulle kan dit nie sien nie. Hoekom? Hulle organiseer, en, maar 'n skynsel in hulle gesig. Sien? 'n Tradisie is wat sekere mense bymekaargesit het en gesê het: "Ons sal gaan en *hierdie* en *hierdie* maak, en *hierdie* en *daardie*." Nou gaan ons kom by waarom dit moet gebeur, as die Here wil.

134 Let op, Sy werke was die lewende Woord Self. Wat Hy gedoen het was die lewende Woord Self, wat gewys het Hy was die Lig wat belowe is sedert die begin van die wêreld. Hy was daardie Lig. Sy Lig op die beloofde Woord van die eeu het Dit laat lewe na presies wat die belofte gesê het Dit sou doen, maar hulle het Dit so omgedraai gehad, totdat hulle Dit nie kon sien nie. Sien? Maar Hy was die Lig van daardie eeu.

135 Hy was die Lig waarop hulle aanspraak gemaak het om te aanbid. Hulle het gedink dat hulle die einste God van die skepping aanbid het. Hulle het gelewe in en 'n skynsel aanbid, en Jesus het gesê: "Julle aanbid My tevergeefs, en leer vir Doktriene hulle tradisies van die mens, en nie die Woord nie." Hy is die Woord, en Hy was die Woord gemanifesteer. Hulle behoort dit te geweet het.

136 Ek hoop dit kan deurbreek, oral waar dit gehoor word, sien, dat dit die Woord, gemanifesteer is. "O," sê: "o, ons het die Woord." Tog, die Woord, almal dra 'n Bybel, wat wil. Maar, wanneer die Woord bevestig word, gemanifesteer word!

Tog, sê: "Wel, ons glo!"

137 Ja, meneer, hulle het geglo, die heelpad deur. So ook Satan. Daardie Fariseërs, wie kon hulle veroordeel, van ongeloof? Maar hulle het nie die Woord vir die uur geglo nie. Hulle het die skynsel van iets anders aanbid.

Dis dieselfde ding wat hulle vandag doen. Sien? Hulle onderhou Luther se voorspel-. . . tradisies, of—of Wesley se tradisies, en die res van hulle, die Pinkstertradisie. Maar wat van die uur?

Die Fariseërs het hulle tradisies onderhou. Maar agter hulle tradisies was die ware Woord van God, wat gekom het om uit te skyn, en, toe Dit het, het Dit hulle oë verblind. Hulle kon Dit nie sien nie, omdat hulle iets anders dopgehou het.

So is dit vandag! Mag God dit laat insink, totdat dit regtig by die mense tuisgebring word wat dit moet glo. Dis later as wat julle dink.

138 My seun, Billy Paul, hy praat in sy slaap, maar hy het nie baie dikwels drome nie. Hy het een gehad nou die aand, wat hom geruk het. Gesê hy het gedroom hy was in 'n kerk, en—en hulle . . . Ek het nog nie ingekom nie.

Gesê, toe ek inkom, het vuur uit die oë uitgevlieg, en ek het gesê: "Die tyd is hier. Dis verby."

En almal het begin skree: "Ek kan nie! My kinders!"

139 En selfs my vrou het gesê: "Ek kan nie vir Sarah kry om die seën by die tafel te vra nie," ensovoorts. En ek het gesê . . .

Hy het gesê: "Ek moet Loyce en—en die baba gaan kry."

140 Ek het gesê: "Loyce kan nie nou kom nie. Die baba is te jonk om te weet. Billy, die uur is hier. Ons moet gaan." Ek het gesê: "Dis middernag nou. Voor daglig, sal Jesus hier wees. As dit nie is nie, dan is ek 'n valse getuie van Christus."

En iemand het gepraat, gesê: "Geen mens ken die minuut of uur nie."

141 "Ek het nooit gesê minuut of uur nie. Ek het gesê: 'Een of ander tyd tussen nou en daglig.'" En ek het gesê: "Laat ons gaan—laat ons gaan." . . .?. . . Ek het gesê: "Maar ons is by die tyd. Laat ons gaan."

En ons het in die motor geklim, en begin, en ons het teen die berg begin opgaan. En toe ons het, het dit gelyk asof die lig in die hemele kom, maar donker op die aarde. Hy het gesê ek het afgetrek aan die kant van die pad, en my hande oorgehou soos hierdie, vuur wat steeds uit die oë vlieg. En hy het gesê ek het gesê: "Here, ek het hierdie gedoen op U bevel. Ek het dit gedoen net omdat U my gesê het om dit so te doen. Ek het hierdie dinge gedoen volgens wat U my vertel het."

En ek het beduie na 'n groot granietberg; en 'n—'n Lig, sonder hande, het 'n Klip uit die berg gesny, honderde tonne geweeg, en hier kom Dit. Ek het gesê: "Draai julle koppe; moenie kyk nie. Dit sal alles verby wees net binne 'n paar minute." Gesê, toe het 'n groot heilige stilte gekom oral, soos hierdie Klip na die plek toe aangekom het.

142 Dit mag later wees as wat ons dink. Daar, sien, dis presies Skriftuurlik, julle sien: "die Klip, sonder hande, gesny uit die berg."

En so een van die dae gaan dit so wees, wanneer julle gaan uitroep vir iets. Ek het vir hulle gesê: "Julle het alreeds daardie tyd gehad. God het julle aanmekaar gewaarsku, keer op keer. Ja." Ek het gesê: "Selfs as dit my eie kind is, of wie ook al dit is, die uur is hier. Ek kan net sê wat Hy my gesê het om te sê, en dit sal daar wees," en dit was.

En—en toe, meteens [Broer Branham klap sy hande eenkeer—Red.], hier kom Hy: "die Klip uit die berg gesny, sonder

hande." Daniël het dit gesien, julle weet, destyds baie jare gelede. Billy het niks daarvan geweet nie, maar dit was 'n—dit was 'n droom wat van die Here vir hom gestuur is.

143 Nou, sien, hulle maak aanspraak om daardie einste God te aanbid wat hulle bespot het. En dieselfde ding het weer omgedraai vandag, deur dieselfde rede, lewe in 'n skynsel in plaas van die Lig. Groot Ligte het 'n gloed. Goed.

144 Kyk in watter duisternis is ons vandag! Kyk wat gaan aan vandag! Kyk na moord, verkragting, struweling! Tog, dit het gebeur. Ek dink dit was Billy Graham wat gesê het, in sy laaste byeenkoms: "Binne tien jaar van nou af, sal elke burger van Kalifornië 'n rewolwer moet dra om homself te beskerm. Julle kan nie genoeg wetstoepassing daarstel nie." Die mense het net mal geword; skietery, moord, en verkragtings, alles, sien. Dit het net wild geword, sien, op die strate. Sien, dis 'n—dis 'n dag waarin ons lewe, 'n Sodomietiese dag. Sien?

Maar daar is 'n Lig wat skyn! As hulle net sou kyk, as hulle net sou sien, in die Woord inkyk en sien wat veronderstel is om in hierdie uur te wees, sou hulle weet wat gedoen probeer word.

145 Nou, hulle maak aanspraak daarop dat hulle daardie Lig aanbid, so het hulle aanspraak daarop gemaak dat hulle daardie Lig aanbid het, maar hulle het aanbid in die skynsel van 'n ander lig in plaas van die ware. Sien? Hy was die Lig.

146 Geloofsbelydenisse en tradisies, in hulle verblinde toestand, het hulle weggedraai van die Lig van die beloofde Woord. Die Woord wat God bevestig het, deur Jesus, die Lig van die wêreld, gekom en die Woord laat lewe presies reg deur Sy tyd, presies tot die dae. "Hy sal afgesny word in die middel van die sewentig weke, dis reg, wat die drie-en-'n-half jaar van Sy profesie is. Die Messias sou kom, die Prins, en sou profeteer, en drie-en-'n-half dae hiervan, dan sou Hy afgesny word van die lewende, en versoening maak." En dis presies. Hy het drie-en-'n-half jaar gepreek. En hulle . . .

147 En die einste Psalm wat Dawid gesê het: "My God, My God, waarom het U My verlaat?" Die 22ste Psalm: "Al My bene, hulle staar na My. Hulle skud hulle koppe. Hulle gaan by My verby." Agthonderd-en-vyftig jaar, tevore, toe Dawid daardie lied gesing het in die Gees, en dit was profesie geag, en gegee. Hulle het daardie liedere gesing in die tempel toe dieselfde Offer gehang het aan die kruis, met Sy hande, en deurboor. "En hulle het My hande en My voete deurboor." Sien? Sien daar? Dan, hoekom? Hulle het gelewe in 'n skynsel. Hulle het nie die Lig gesien nie.

148 Kan julle julle verbeel 'n verstandige persoon doen dit? Net so min as wat ek my kan verbeel dat 'n verstandige persoon sal afhardloop in die kelder en in die muf ingaan, en sy deure toetrek, en sê: "Ek weier om te sien daar is lig." Dis kranksinnigheid.

En sy geestelike het geglip, iewers heen, wanneer 'n man sien dat die Bybel dit belowe het, en dit reg voor hom sien lewe, en gemanifesteer word, en dan voortdurend in daardie geloofsbelydenisse en dinge daarbuite bly wat Dit verwerp. Dis 'n geestelike misdadigheid. Dis presies reg.

149 Hier was Hy nou. "Hy was—Hy was die Lig van die wêreld, en die wêreld ken . . . Hy het gekom na Sy Eie; Sy Eie het Hom nie geken nie. Hy het in die wêreld ingekom, en die wêreld is deur Hom gemaak, en die wêreld het Hom nie geken nie." Sien? "Maar soveel as wat Hom geken het, aan hulle het Hy die krag gegee om seuns van God te word, aan hulle wat aan Hom geglo het."

150 Onthou, ons kan nie lewe met gister se lig nie. Gister se lig is verby. Dit is nie meer nie. Dit, gister se lig, is net 'n herinnering. Gister se sonlig is net 'n herinnering, of, dis geskiedenis. Ons kan nie lewe in gister se lig nie meer nie. En dieselfde, hoewel dit dieselfde son is, dieselfde son, maar elke dag bring dit sy krag 'n bietjie sterker voort, om die graan ryp te maak vir die oes. Sien?

151 Die son kom vandag, raak 'n bietjie sterker. Elke dag nou sal dit 'n klein bietjie sterker word, 'n klein bietjie sterker, en totdat uiteindelik die koring, wat daar lê, dit sal—dit sal lewendig word. Na 'n tydjie, sal die—die lewe opkom, dan 'n bietjie sterker, 'n bietjie sterker. Maart, April, Mei, Junie, Julie, sy is dan in die oes, julle sien. Dieselfde son, wat vandag skyn, in—in Januarie of Desember, wat daarbo is en daardie sneeu baai en dit afsmelt op daardie graan, dit water gee; dis dieselfde son, maar daardie koring kon nie lewe in daardie selfde sonlig in Junie nie. Sien, dit kan dit nie doen nie. Sien, die son kom 'n klein bietjie sterker elke dag, en die graan behoort 'n klein bietjie ryper te wees om die sonlig te ontvang.

152 Dis wat die probleem is vandag. Die graan wat gesaai is in die vroeë vaders, destyds in—in Luther en Wesley en hulle, dit het verdwerg; dit kan nie die Seun [Eng. "Son."—Vert] uithou nie; die Seun [Eng. "Son."] maak dit dood. Dit het geweier om te groei. Sien? Dit het dit gesny, dit het ditself weggeneem van die stingel, soort van, en *hierheen* gekom en ditself 'n eie klein dingetjie gemaak. Dit het 'n doppie geword, toe, en geen Lewe daarin nie. Die graan behoort ryp te word en sterker te word, soos die Seun [Eng. "Son."] sterker word elke dag.

153 Nou laat ons 'n oomblik dophou. Ons sal die kerkeeue dophou. Daar is sewe kerkeeue. En soos daardie kerkeeue, elkeen, hou dop hoe Hy met hulle gepraat het wat sou doen, hoe die graan sou ryp word en afkom na hierdie laaste uur hier, hierdie laaste uur waarin ons lewe. So moet die kerke dieselfde ding doen, sien, die kerke.

154 Nou kyk, Luther het 'n korrel gesaai, en Luther was 'n korrel en hy het dit gesaai. Goed. So was Wesley; en, ook, so was Pinkster; so was die Baptiste, die Nasaréners. Maar, julle sien,

nou Luther sou nie teruggaan en lewe in die lig van die eerste denominasie, Katoliek nie. Nee, meneer; hy was 'n ander lig. Dit was God wat iets ryp gemaak het. Nou 'n klein minderheid het daaruit gekom, daardie Lutherse herlewing.

155 Toe kom die Wesleyaanse herlewing, en toe, daarin, tog, hulle kon nie teruggaan en die Lutherane doen nie. Sien?

En toe kom die Pinksters. En toe het die Pinksters georganiseer en dieselfde ding gedoen, die doppie geneem. Let op.

156 Maar die graan gaan reguit aan. Nou is ons in 'n ander eeu. Hoekom wil hulle Dit nie ontvang nie? Hoekom wil hulle nie sien dat die graan ryp is nie? *Hier* is die beloofde Woord vir hierdie dag. [Broer Branham tik op sy Bybel—Red.] Hoekom sien hulle Dit nie? Omdat hulle lewe in Luther se skynsel, Wesleyaanse skynsel, Baptiste skynsel, Pinksterskynsel. Hulle lewe in die skynsel van ander lig. Dis die rede waarom hulle nie die Lig van die totale Woord kan ontvang, wat bevestig word soos God belowe het nie. Daardie Sewe Seëls, waar die hele verborgenheid geopenbaar was, sou terugkom en vertel hoekom hierdie verborgenhede so gedoen was; en, tog, toe daardie ingekom het, het hulle verder Daarvan weggeloop as ooit. Hulle is sonder verskoning.

157 God het dit gedoen deur Gees, deur openbaringe. Hy het—Hy het dit perfek bewys, deur wetenskaplik en alles anders, dat dit die Waarheid is, dat dit die Waarheid is. En steeds wil hulle lewe in 'n Pinksterskynsel: "Ek is die Gemeentes! Ek is die Eenheid! Ek is die Kerk van God! Ek is *hierdie*!" Sien, lewe in 'n skynsel van 'n eeu veertig, vyftig jaar gelede. Lewe in 'n Lutherse skynsel. Lewe in 'n Wesley, 'n Baptis, 'n Presbiteriaanse, of sekere Nasareense, skynsel van 'n ander kerkeeu wat aangegaan en georganiseer het en dieselfde ding gedoen het, en weier en verwerp die Lig wanneer Dit in werklikheid skyn.

158 En julle lewe in 'n lugspieëling. Ek sê dit eerbiediglik, sien, maar julle is. . . nie om julle seer te maak nie, maar om julle wakker te maak. Julle lewe in 'n lugspieëling.

Wat as Jesus gesê het: "Tog, julle is blind, en julle lei die blindes"? Hulle kon nie. . . Hy het hulle probeer sê; en het dit nie gedoen nie. Gesê: "Laat staan hulle. As die blinde die blindes lei, val hulle almal in die sloot." Dis die uur waarby ek gekom het! As hulle gaan steier, kan ek dit nie help nie. Alles gedoen wat ek kan doen. Ek het presies gedoen.

Ek het hierdie gedoen volgens U bevel, Here. U is 'n getuie.

Sedert 1933, onder op die rivier, toe daardie Lig wat julle daar sien, afgeskyn het, was Dit net hier in die tabernakel, en het aan julle getuig, al hierdie jare. En alles wat Dit gesê het, het gebeur. En aanhoudend gaan hulle voort. "Laat die blinde die

blindes lei." Ek sal net wag vir daardie uur; Hy sal aankom, een van hierdie dae.

159 Let op, lewe in 'n skynsel van Luther, lewe in 'n skynsel van Wesley, lewe in daardie skynsels daar terug, dis die rede waarom hulle nie ware Lig kan sien nie. As hulle sou stop vir 'n paar minute, en net die Bybel optel en Dit lees, sou hulle sien dat die . . . hierdie is Lig beloof vir die uur.

160 Nou gaan ons 'n paar van hierdie dinge neem binne 'n minuut. Hy het belowe, volgens Maleági 4, hierdie dinge sou gebeur. Hy het belowe, regdeur die Skrifte, hulle sou gebeur. Sien?

161 Let op Israel ook, ons tipe, in die reis. Kyk, het manna geëet, wat hulle Lig, Lewe was, wat hulle krag gegee het, Lewe. Is dit reg? [Die gemeente sê: "Amen."—Red.] Israel kon nie manna eet wat gister op hulle geval het nie. Dit was besoedel. Dit was verrot. Dit was sleg vir hulle. Hulle sou sterf, daarvan. Die manna wat hulle gister aan die lewe gehou het, sou hulle vandag doodmaak. Die Bybel het gesê dit het kieme daarin gekry, besoedel. En die manna, hulle moes nuwe manna kry elke dag. Amen.

En wat is dit? Die mense wat lewe op manna van Luther, Wesley, en hulle daar in die verlede, julle eet besoedelde goed wat julle doodmaak, geestelik. Dit maak julle dood, dood in julle tradisies.

162 Gister se, Luther se manna, sou nie werk vir Metodis nie. Metodiste manna sou nie werk vir Pinkster nie. Pinkstermanna sal nie vir vandag werk nie. Sien wat ek bedoel? Elke dag kom dit, dag vir dag, vars, en so het Dit deur die kerkeeue.

Luther se manna was die boodskap van regverdigmaking. Wesley se boodskap was die manifestasie van heiligmaking. Pinkster was die herstel van die gawes. Maar hierdie is die bekendstelling van die Kopsteen, die laaste dag, die Bruidboom, wat teenstrydig is met alles daarvan, en tog is Dit dieselfde Lig vir die rypes.

Soos dieselfde son, vandag skyn, die graan sal ryp maak vir die oes in Julie. Sien wat ek bedoel? Maar die lig vandag sal glad nie help daar terug in Julie nie. Dis sterker. Die koring is meer gevorderd; dis gereed om dit te neem. Amen. Is sekerlik. Hulle kon dit nie nou neem nie; dit kan dán. Die seisoen was nie reg, toé nie; dit is nou.

163 Jy kan nie teen God se natuur gaan nie. Hy het 'n wet, en, om teen daardie wet te gaan, maak jou plant dood. Jy moet gaan volgens God se gesproke wette, en Sy wette is Sy Woord. Enige wet is 'n gesproke woord. En 'n woord is 'n gedagte gemanifesteer. Sien? Nou ons—ons weet dat dit waar is.

164 ’n Visioen is wat? Die Woord van God, of iets voorspel, of ’n voorspelling van ’n gebeurtenis. En ’n visioen wat die profete gehad het, en Jesus gehad het, Paulus gehad het, en almal van hulle, en vertel van hierdie dag, was ’n voorspelling van wat sou gebeur. En hier sien ons die voorspelling gemanifesteer, en mense herken dit nie eers nie. Sien wat ek bedoel? Nou, gister se manna . . .

165 Kyk hier. Het julle ooit opgelet, die son, s-o-n, het beweeg, Ooste na die Weste, soos dit elke keer gegaan het. Het julle dit opgelet? En, let op, die kerkeeue het dieselfde ding gedoen. Wat? Die son, s-e . . . s-o-n, het begin in die Ooste. En beskawing het saam met die son beweeg, God se gesproke lig vir hulle om in te lewe. Hulle het afgekom, die son gevolg, te sien waarnatoe dit gaan.

166 Lewe self, wanneer jy gebore word, is soos ’n son. Jy gaan aan, reg aan na die ondergang van die son, van jou geboorte af, na die ondergang van die son.

167 Die mens het altyd weswaarts beweeg. Die oudste beskawing wat ons het is China, in die oosterse lande. Jerusalem . . . En, let op, sy hou aan weswaarts beweeg soos dit gaan, en soos dit aan en aan gaan, na die Weste.

168 So het die kerkeeu dieselfde manier beweeg, deur die S-e-u-n [Eng. “Son.”—Vert] van God. Kyk, Paulus, die vroeë kerk, het begin in die Ooste; dit het daarvandaan gegaan, gespring oor die—die—die—die see, oor in Duitsland in. Dit het drie trekke gemaak. Kyk hier. Van Asië af, onder in—in Palestina, het dit oor die oseaan gespring na Duitsland; dit was Luther. En dit het gespring van Luther af, oor die Engelse Kanaal, oor in Engeland in; deur Wesley. En van Wesley af, het sy gespring na die Weskus, na die Verenigde State. En hierdie, as jy enigsins verder gaan, kom dit weer terug Ooswaarts. Hierdie is die aandtyd.

169 Kyk hoe die kerkeeue baklei het. Luther . . . Paulus, eerste, terug in die eerste eeu; toe afgekom na Ierland, na Irénaeus, ensovoorts; af onder na Frankryk; van daar af, oor na Duitsland; oor na Engeland; konstant Weswaarts gegaan.

En nou kan ons nie enigsins verder gaan nie. Hierdie is die laaste eeu. En wat sê die Bybel omtrent hierdie laaste eeu? Sien, geografies, chronologies, en omtrent enige manier wat julle dit wil neem. Skriftuurlik, eerstens; Skrif, natuurlik, eerstens. Getuienis, histories, enige manier wat julle dit wil neem, is ons aan die einde, die laaste kerkeeu.

170 En, kyk, soos dit vorentoe gegaan het, het dit sterker en sterker geword. En so het die ware, klein minderheid van die Kerk gegroei vanaf regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees, en nou na die komende Deksteen, wat ditself vorm. Geen organisasie meer na hierdie nie. Daar sal nie meer wees nie. Sien, kan nie wees nie, sien, ons is op die Weste.

171 Net om julle te wys, deur alle tipes en alles anders. En kyk na daardie drie spronge, drie trekke. Ons sal daarop ingaan vanaand, sien, sien, hoe ons aan die endtyd is. Dis net . . .

172 Die s-o-n [Eng. "sun."—Vert] het beweeg soos die S-e-u-n [Eng. "Son."]; S-e-u-n [Eng. "Son."] soos s-o-n [Eng. "sun."]. Die kerk het dieselfde ding gekom, van die Sewe Kerkeeue af, ensovoorts. Beskawing het reguit aanbeweeg na die Weste, en die Kerk het reguit aanbeweeg na die Weste. En nou as ons enigsins verder gaan as wat ons nou is, kom ons weer terug Ooswaarts. Jy verlaat die Weskus, gaan jy reguit terug na China, Japan, reguit terug weer in. Seweduisend myl dwarsoor, gaan jy weer reguit terug na die Ooste. So, Ooste en Weste het ontmoet, dis al daaromtrent. Ons is by die einde. Daar is niks oor nie.

173 En dieselfde ding het gebeur, vandag, wat destyds gebeur het. Dieselfde ding het ontmoet by die Weste wat ontmoet was by die Ooste. Die mense wat lewe in die skynsel van 'n ander lig wat absoluut probeer het om die Lig wat moes kom te wys, en verwerp Dit, omdat hulle die skynsel het in plaas van die Lig. O! "En daar was groot Lig in die land van die Heidene; Sébulon, Náftali; van Galiléa, . . . in Galiléa, land van die Heidene.

174 Hierdie is die sewende kerkeeu. Onthou, en elke keer wat daardie son begin skyn het in die Ooste, is dieselfde son wat skyn in die Weste. En dieselfde Gees wat reg af deur die eeue was, soos daardie, is dieselfde Seun vandag. Net, wat is dit? Net soos ryp word, die seisoen. Die son wat nou is, sal dieselfde son wees wat die graan ryp maak hierdie najaar, hierdie herfs, sien, maar (wat is dit?) dis hierdie son plus wat dit sal wees. En vandag, in hierdie laaste eeu, is wat hulle was, plus Hierdie.

En tog wil hulle daar terug lewe, as 'n dwerg, gaan onder in 'n muwwe, ou internom-. . . ou nominasionele kelder en geloofsbelydenis, en trek hulle blindings af, sê: "Ek weier net om Dit te sien. Dis alles onsin." En wanneer die einste Bybel, wat hulle aanspraak maak om te glo, geïdentifiseer word deur dieselfde Heilige Gees wat Lig bring in die laaste dae!

175 Het julle opgelet? En hou baie noukeurig dop daar in Maleági, hoe hy daardie bedeel het: "Die Geloof van die vaders na die kinders, en die kinders na die vaders." Sien, dieselfde Gees waar Dit opgekom het destyds, waar Dit weer hier opkom, dieselfde ding. Sien, net omgekeerd, presies, wat weer reguit terugstel. Want, hoekom? Ooste en Weste het ontmoet. Net presies reg onder ons gesig, en tog sien hulle dit nie. Hoekom? Geen wonder nie dat Jesus gesê het: "Laat hulle net staan, dan. Hulle is blind, lei die blindes, hulle sal almal in die sloot val."

176 Die lig van ander eeue het net hierdie Lig weerkaats. Sien? Die son vandag weerkaats net, is die weerkaatsing van die son wat hierdie Julie of Augustus sal wees, as God . . . vir die oes. En die Seun [Eng. "Son."—Vert], van Luther, Martin Luther, en

Wesley, en Sankey, Finney, Knox, Calvyn, Moody, al daardie andere, daardie groot manne destyds wat daardie lig gehad het; en John Smith van die Baptiste kerk, en Alexander Campbell, die Campbellietiese kerk, en die sogenaamde Dissipels van Christus, Christenkerk, en wat se name hulle ook al vir hulle het. Al daardie manne destyds, in hulle eeue, het net gereflekteer wat Dit sou wees hier aan die einde.

177 En toe het die kinders hier, onmiddellik na hulle stigters, wat het hulle gedoen? Hulle het nie op die stingel gebly nie. Hulle het weggetrek Daarvanaf, en vir hulleself 'n klein doppie ding gemaak hierbuite. Wat, jy kom weg van die ware bron van Lewe, het jy geen Lewe in jou nie. Jy neem 'n doppie van die ding af, en plant dit hierbuite in die grond, sal dit gaan lê en verrot. En so is julle, wat verrotte manna probeer eet van destyds in daardie dae.

Die oes is ryp! Jesus het 'n tafel gedek, waar die heiliges van God gevoed word, op rypgemaakte Voedsel van die dag, deur die Evangelielig wat bevestig en bewys dat Hy vandag hier is. Amen. Die heiliges eet die Brood.

178 Dink net. Die ou doppie van gister, sien, moet dit nie daar terugplant nie. Dis verrot. Dit kan nie, dit kan nie daarby bly nie. Nee, meneer. Dit sal niks goed doen nie. Dit sal nie groei nie. Dis weg van die Lewe af; en die Woord is die Lewe. Dis reg. Die doppie val af, die klein ou baardjie val af, en sulke goed. Dit denomineer net ditself en val af. Dit weier om aan te gaan met die Lewe.

Maar die Lig bevestig Dit. O, goeiste! Ja, meneer.

179 Gister se, o, goeiste, hoe ons dit behoort te sien! Sien, daardie, die verrotte dinge van gister, moet hulle nie vandag eet nie. Sien? Dit het wurms in. Julle ken hierdie klein wikkelstertjies soos ek hulle noem? Ek weet nie. Ek—ek weet nie baie van kiemlewe nie, maar ek weet ons het hulle altyd wikkelstertjies genoem. Dit kom in enigiets wanneer dit 'n bietjie vrot word. Sien? Ek wil dit nie dan hê nie. As julle tevrede is daarmee, gaan voort, maar nie ek nie. Maar onthou . . .

Julle sê: "Hoekom was dit dan gister goed?"

180 As julle net geweet het dat die einste klein omhulsel wat op die koring was aan die begin, as dit vertoef in die graan, maak dit die graan verder. Dis die einste ding wat die koring laat blom, is wat gister was; maar as dit ditself afskei van die graan, en dit word nie ryp nie, dan gaan dit weg. Sien? Maar as dit deur die proses gaan, van lewe-gewende proses, soos dit uitsterf, vermeng dit net in iets anders in en maak die graan. As dit nie is nie, waarvandaan kom dit? Amen. Begryp julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

181 Soos die Koningin van Engeland, eenkeer, sy het gegaan na 'n groot papiermaatskappy, en sy't gesê sy sou graag deur die papiermeule wou kyk. So hulle het vir haar die papiermeule

gewys, baie jare gelede, voordat hulle begin pulp en goed maak het, so hulle vind. . . papiere daaruit gemaak het. So hulle, wel, na 'n rukkie, het sy in 'n kamer ingekom wat dit niks anders behalwe 'n groot ou hoop vuil lappe was nie, en sy het gesê: "Waarvandaan het dit gekom? Wat's dit? O," het sy gesê.

Die—die—die president van die fabriek het gesê: "Hierdie is—is waaruit ons die papier gaan maak, hierdie vuil lappe."

Sy het gesê: "Daardie, papier maak?"

"Ja." So sy kon dit skaars glo.

182 So nadat sy weg is, het die man dieselfde hoop vuil lappe geneem, en hulle deur 'n sekere proses gestuur, en hulle uitgebring 'n skoon, suiwer papier, julle weet, het deur 'n proses gegaan en gemaak ware. . . En haar profiel daarin gesit, en dit na haar toe gestuur, haarself gereflekteer in hierdie wat sy "vuil lappe" genoem het.

183 Nou dis wat dit is. Die dooie dinge van gister, die boodskap van Luther, die boodskap van Wesley, die boodskap van Pinkster, as dit net deur die proses van God se Heilige Gees en die Woord van 'n bevestiging kan gaan, sal dit die weerkaatsing van Jesus Christus, die Koning, voortbring. Amen. Maar as jy dit laat lê, is dit vuil lappe. Sien?

184 Dit moet in iets anders gevorm word. Luther moet gevorm word na Wesley, en Wesley moet gevorm word na Pinkster, en Pinkster moet gevorm word na Christus. Dit gaan deur 'n proses. So het die Evangelie gegaan deur 'n proses. Dit prosesseer. Luther se eeu, van regverdigmaking, ons glo dit; Wesley s'n, van heiligmaking, ons glo dit; die Pinksters s'n, van die herstel van die gawes, vir die Heilige Gees, ons glo dit, sekerlik. Maar, vorm dit alles saam, waarby kom jy uit? Jesus, reg, dieselfde gister, vandag, en vir altyd. O! Dit sal uitkom by Jesus.

185 Wanneer 'n man in 'n smeltery 'n klok maak, het hy 'n sekere toon wat hy daarin moet sit. Wanneer hy sy vorm maak en sy yster ingooi, sit hy soveel geelkoper in, soveel staal, soveel koper. Hoekom? Hy weet net presies hoeveel om in te sit, om te maak, dit die regte toon te gee.

En dis wat Jesus gedoen het deur Sy Bruid. Hy moes soveel Luther insit, soveel Metodis, en soveel Presbiteriaan, soveel Pinkster, daarin. Maar waarby kom Hy uit? Sy Eie weerkaatsing.

Wat is dit? Net soos piramied Boodskap, julle sien, dit hoop reg op, hierdie, kom in die minderheid in, saam met die Kopsteen. Die bediening van Jesus Christus, op aarde, moet dieselfde wees as die bediening wat Hy gehad het, of Hy kan nie daarnatoe kom nie. Net soos die kop, na die voete. Die kop. . . Voete is nie die kop nie, maar die kop dra die voete, of maak die voete, sê dit waarnatoe om te gaan. Begryp julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Pragtig, dis die Lig van die uur.

186 Wesley was 'n groot Lig. Soos hy gesê het aan Johannes die Doper: "Hy was 'n groot Lig vir sy uur." Sekerlik, hy was.

187 Nee. Ja, meneer, die skoon lappe. . . Of, die vuil lappe van gister, as julle so bly, moet dit. . . sal dit net die hele tyd vuil lappe word. Dit het sy doel gedien, as klere, maar nou het dit papier geword.

Regverdigmaking het sy tyd uitgedien, in regverdigmaking onder Luther, toe moes dit heiligmaking word deur Wesley. En heiligmaking het sy tyd uitgedien, totdat dit die doop van die Heilige Gees geword het. En die doop van die Heilige Gees het sy tyd uitgedien; totdat die Heilige Gees (wat, daar's net een God) in die Kerk vermeng, en die Kerk in Christus in, en dit maak Jesus Christus geweerkaats op die aarde, wat Hy hier belowe het in die Bybel. Mag dit nie glo nie; ek kan julle dit nie laat doen nie. Ek is slegs verantwoordelik vir die Woord. Sien? Dis reg.

188 So sien julle dit? Sien julle dit? As julle dit sien, sal dit wees soos die—die man wat eenkeer gegaan het na. . . gedurende, oorgegaan na Wallis, gedurende die tyd van die Walliese herlewing. 'n Paar manne het gegaan van die Verenigde State af. So hulle gaan af, en hulle het gesê hulle wil uitvind in watter gebou hulle hierdie Walliese herlewing hou. Baie van julle onthou die Walliese herlewing, groot herlewing het uitgebreek onder die—die Walliese mense in Wallis. So hierdie manne, hierdie tamaai groot predikers, ensovoorts, het gegaan van die Verenigde State af, hulle doktors van godgeleerdheid. Hulle wou oorgaan en kyk watter groot ding hulle gedoen het, julle weet.

So hulle het in die pad afgestap, en hulle het gesê. . . 'n klein ou polisiemannetjie gekry wat op die hoek staan, wat sy knippel rondswaai, julle weet, en 'n—'n gesang fluit, soos daardie. Hulle het gesê: "Wel, hy fluit net 'n gesang. Ons mag soontoe gaan, en hom sien, sien wat hy gaan doen. Wel, vir hom 'n vraag vra."

So hulle het na hom toe gegaan, en gesê: "Meneer, waar is die Walliese herlewing?"

189 Hy het sy hoed afgehaal; hy het gesê: "Menere, die Walliese herlewing word *hierbinne* gehou," in sy hart. O, daar's dit, hy was die Walliese herlewing.

O God, as ons net—net kan verstaan dat ons die weerkaatsing van Jesus Christus is, Sy Woord gemanifesteer. Julle is die weerkaatsing van Sy Woord. Sien?

"Waar word die Walliese herlewing gehou? In watter gebou is dit?"

Hy het gesê: "Meneer, dis in my hart." Hy was die Walliese herlewing. Dis reg.

190 En vandag behoort die Kerk Jesus Christus, in aksie, op die aarde te wees. "Omdat Ek lewe, lewe julle ook; en My Lewe sal in julle wees. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Sien?

Die Kerk moet ook by daardie plek kom. En Hy het belowe dit sou dit doen, en dit sal. Dit moet so kom. So, julle sien, dis wat gebeur. Ons, ons moet so wees.

Hy is die Lig.

191 So was Noag die Lig in sy dag. Hy was die Lig. Noag was die Lig. Hy was daardie Lig vir wat? Om God se Woord te maak: "Ek sal die mens op die aarde vernietig, wat Ek geskep het. Bou 'n ark, en almal wat begeer om daar in te kom, sal gered word."

Noag het daar uitgeloop, gesê: "Daar is een weg, en dis die ark."

192 Hulle het gesê: "Die ou mal fanatikus." Hy was die Woord gemanifesteer. Noag was die Lig van die uur, was beslis. Sy dag, sy eeu, hy het die Lig laat voortspruit.

193 Moses was die Lig van sy uur. "Ek sal jou sekerlik besoek," het God vir Abraham gesê. "En Ek sal afkom, en Ek sal My volk uitneem, met 'n sterk hand, en Ek sal My krag toon in Egipte."

En toe Moses daarbo daardie brandende bos daarbo ontmoet het, en uitgevind het die EK IS was in daardie bos, het Moses soontoe gegaan en hy was die Lig. Amen. Geen wonder hy kon 'n bietjie stof neem, en dit opblaas en sê: "Laat daar vlooie kom op die aarde" nie. Hy het die Woord van God gehad. Wat het gebeur? Die stof het begin waai, en die vlooie het begin ontstaan. Halleluja! Hoekom? Hy was 'n manifestasie van die Lig van God se Woord: "Ek sal Egipte teister." Hy was 'n profeet. Wat hy gesê het, het gebeur. Hy was die Lig van daardie dag. Hy was God se Lig.

194 Farao mag alles gehad het wat hy wou gehad het, en die res van hulle, al die priester het gehad wat hulle wou gehad het, maar Moses was die Lig. Hoekom? Hy het God se Woord uitgebeeld, gemanifesteer. God het belowe: "Ek sal hulle uitbring, met 'n sterk hand, en Ek sal Self glorie verkry." Dis wat Hy gedoen het.

Dis die rede waarom Moses bewys het hy kon skep. Nie omdat hy wou skep nie; omdat God vir hom gesê het om dit te doen. "En daarmee: 'Gaan na die vergadering, sê: "Môre . . . "' Die Here God het pas met my gepraat: 'Neem 'n handvol stof en gooi dit op in 'n lug, soos dit, en vra daarvoor.' Daar is niks hier nie, maar dit sal daar wees." Amen!

O, ek hoop julle is nie aan die slaap nie. O! [Broer Branham klap sy hande een keer—Red.] Manifestasie!

195 Hy het gesê: "Ek is gestuur. God het gesê aan ons vaders, Hy sal ons verseker besoek daaronder en ons uitneem. Ek het gekom om aan julle te wys die uur is op hande. Raak ontslae van wat julle het. Laat ons gaan!" Ja.

196 Sommige van hulle het gesê: "Wel, ek glo . . . " Datan het gesê: "Ek dink nie daar's enige haas nie. Ons moenie opgewonde raak

hieroor nie." En gelyk asof dit gefaal het, vier of vyf keer. Maar, net dieselfde, het dit aanbeweeg.

197 Hulle het gedink. Hulle het uitgekom en gesê: "Ons sal hierdie Moses stenig! Kry hom weg van ons af! Ons wil hom nie in ons—ons groep hier hê nie."

Moses het net reguit aanbeweeg, in elk geval, want hy was die Lewe, hy was die Lig van die uur. Wat hy gehad het, wat was dit? God wat Sy beloofde Woord deur Moses manifesteer, en Moses was die Lig.

198 Elía was die Lig. "Gaan daar uit en sit op daardie heuwel! Ek het die kraaie beveel om jou te voed." Amen! Ja, meneer.

199 Hy het weer afgekom met SO SPREEK DIE HERE. "Nie eens dou sal val uit die Hemel totdat ek daarvoor vra nie." Amen! "Son mag skyn, julle mag roep vir al die wolke, en enigiets doen wat julle wil, maar nie eens dou sal kom totdat ek daarvoor vra nie." Wat was hy? Die Lig! Halleluja! Hy was die Lig. Die Lig! Hy was die Woord van God gemanifesteer.

200 Hulle het gedink hy was mal, deur daarbo te sit. Hy het portiere gehad wat hom gevoer het; en hulle wat sterf van die honger. Hulle wou in hulle tradisies lewe; gaan voort. Nie Moses nie, of nie Elía nie, hy het reg in die Lig gelewe. Daarbo gesit by die spruit, Krit, en net 'n goeie tyd gehad; etes gehad, en iemand om vir hom te sorg, en alles. Hulle het gedink hy was mal, maar hy was—hy was die Lig.

201 Hulle sê: "Haai, wat het geword van daardie ou holy-roller wat ons hierrond gehad het? Wel, julle weet wat? Iemand het nou die dag gejag, en gesê hulle het daarbo sien sit langs die pad, ver bo-op die top van daardie berg daar. Ek wet daardie ou kêrel is omtrent opgedroog, teen hierdie tyd." O, nee. Hy was die Lig. Hy was die Lig. Hy was die Lig van God, in sy dag.

202 Johannes, toe hy na die aarde toe gekom het, en uitgegaan het in die wildernis om sy opleiding van God te kry, nie die kweekskool nie. Hy moes die Messias bekendstel. So toe hy uitgekom het, het Jesus gesê: "Hy was 'n helder en skynende Lig." Halleluja! Hoekom? Hy was die Woord gemanifesteer.

Jesája het so gesê. Daar is dit. Dis reg. "Hy sou 'n stem uitstuur in die wildernis, wat uitroep, en sê: 'Berei die weg vir die Here, en maak reguit Sy poort, maak reguit die weg.' Hy sou uitroep, een . . . stem van een wat uitroep in die wildernis." Hier het hy voortgekom. Wat was hy? "Die stem van een wat roep in die wildernis."

Wat was hy? Manifestasie van die Woord, Lig. Selfde God wat gespreek het in Génesis; wat hierdie gespreek het, en hier kom die Lig. Soos Hy gesê het: "Laat daar lig wees, vir die son," die son het ontstaan; sê Hy het gesê daar sou wees "'n stem van

een wat roep in die wildernis," hier het dit voortgekom. Dit was die Lig van die uur.

203 Hy het ook gesê, in die laaste dae! Amen! Dis die Lig van die uur, wat uitroep in die wildernis van Babilon: "Kom uit haar uit, My volk, dat julle nie deelnemers van haar sondes is nie. Moenie haar onrein goed aanraak nie! Kom weg daarvanaf! Vlug van die toorn wat aan die kom is!"

204 Johannes het dieselfde ding gesê. "Die byl lê ook teen die wortel van die boom." Het nie 'n geleerdheid gehad nie, het nie gepraat soos selfs 'n prediker nie. Hy het gepraat oor slange, en stokke, en bome, en byle, en goed, waaraan hy gewoond was, in die wildernis. Hy was nie grootgemaak in een van hierdie tamaai, groot agtermekaar goed wat hulle vandag het, soos hulle in daardie dag gehad het nie. Hy het uitgekom met sy eie taal. Hy het nie gestaan en gesê: "Ah-men," en al hierdie opgesmukte buiginkies gemaak nie. Hy het reguit uitgekom, buite op die wildernis, rou en rof. Gesê: "Moenie julle begin dink dat: 'Ek behoort *hieraan* en ek behoort *daaraan* nie.' God is in staat om van hierdie klippe kinders vir Abraham op te rig."

205 Moenie dink omdat julle Metodis, Baptis, Presibiteriaan is, dat julle enige houvas op God het nie. God is in staat om dranksmokkelaars en hoere uit die straat uit te neem, seuns van God uit hulle te maak. Iemand gaan Dit hoor, en iemand gaan Dit glo.

206 Hy het ook gesê: "Die byl lê ook teen die wortel van die boom. En elke boom wat nie glo nie, word afgekap en in die vuur gegooi." So dit was sy boodskap. Hy was die Lig van die dag.

207 Jesus het gesê: "Hy was 'n helder en skynende Lig, en julle het vir 'n klein tydjie begeer om daarin te wandel."

208 En wat het Johannes gesê, die profeet? "Hy staan nou onder julle. Ek is nie waardig om Sy skoene los te maak nie. En sodra Hy op die toneel kom, gaan ek af." O, goeiste! Want, Hy was die Lig.

Daar is geen twee of drie Ligte, geen vier of vyf verskillende organisasies nie. Daar was een Lig. Daar is nie Metodis, Baptis, Lutheraan, Presbiteriaan nie. Christus is die Lig, en die Lig is die Lewe. En die Woord gemanifesteer is die Lig van die uur.

209 "Laat daar lig wees, en daar was lig." Ja, meneer. "Laat daar Lig wees," en daar is Lig! Hy het gespreek daar sou Lig in hierdie dag wees, en daar is Lig. Hy kom. Ek glo dit. Kyk na die beloftes van hierdie eeu. O, goeiste!

210 Elke Lig wat ooit geskyn het, hierdie kerkeeue, ons sien hoe hulle . . . Dit—dit was 'n jammerlike gesig om te sien, verwerping. Openbaring 3, ek het dit hier neergeskryf, Openbaring 3, en ek weet waarna—waarna ek toe verwys het.

211 Kyk na die belofte van hierdie uur, waarin ons lewe; 'n verwerpte Lig. Wat het hulle? Hulle het Dit destyds verwerp.

Hoekom? Hulle het in 'n skynsel gelewe. Wat doen hulle vandag? Dieselfde ding.

212 Wel, is—is jy 'n Christen? "Ek's 'n Lutheraan. Ek's 'n Baptis. Ek's Presbiteriaans."

Dit beteken niks nie. Jy mag sê jy was 'n "ot, vark," of enigiets anders wat jy jouself wil noem. Sien? Dit, dis omtrent hoeveel dit beteken. Nou geen—geen disrespek vir jou nie, maar as jy praat met sy fundamentele deel, dis reg.

Ek het die vraag gevra: "'n Christen?" Dis Christus in jou. En as Christus in jou is, dan is die Woord in jou. En dan as die Woord in jou is, wanneer die Lig skyn, hoe gaan jy Daaruit loop? Sien, dis die vraag. Dis wat nou in is, die Lig. Die Aandlig skyn. Die Bruidboom blom.

213 O, onthou, hulle het daardie ou Boom gesnoei. "En wat die voetganger gelos het, eet die afknyp—afknyper; en wat die afknyper gelos het, het die kaalvreter geëet." Wat die Metodis gelos het, het die Baptis geëet; en wat die Baptis gelos het, het die Pinkster geëet. Hy het gesê: "Hierdie Boom was," Joël daar: "was heeltemal afgekap tot 'n stomp," maar hy wou weet of dit weer sou lewe. O, ja! Hy het daardie boom bewaar. Hy het daardie Boom bewaar, ja, meneer, want dit was Sy Bruid.

En Hy het gesê: "'Ek sal herstel,' sê die Here." Wat is dit? "Ek sal dit voortbring, alles wat die Lutheraan geëet het en die Wesleyaan geëet het, en almal van hulle. En Ek sal dit herstel, want dis alles nogsteeds in die wortel van die Boom." Sien?

Dit lê oorkant in die grond. Net soos die sap wat afgegaan het, soos ek gesê het oor die suster, dit lê daar. En die basuin van God sal blaas, eendag, en daardie uitverkose Lutheraan, Metodiste, Baptiste, wat niks te doen gehad het met enige organisasie nie . . .

214 Luther het nooit niks georganiseer nie. Moody het nooit niks georganiseer nie. Dit was 'n groep Rickey's, na hom, is wat die organisering doen, die doppie geneem het. John Smith het niks georganiseer nie. Niemand van die res van hulle het georganiseer nie; dit was die Lig van die uur. Luther, Wesley, of niemand van die res van hulle nie; dit was daardie groep daarna, wat gevolg het, wat die organisasie gemaak het.

215 Die Heilige Gees het nooit niks georganiseer in pinkster nie. Pinkster is 'n ondervinding, nie 'n denominasie nie. Dit het nooit niks georganiseer nie. O, nee. Maar die mense wat daarop aanspraak maak om pinkster te wees, het dit georganiseer. Dis die doppie daar oorkant, wat sterf. In plaas van om dit in die papier in te druk, en die volle beeld van Jesus Christus te laat voortkom; nee, het hulle hulself uitgetrek, sodat hulle niks Daarin te doen het nie. Laat hulle net alleen.

216 Maar ons vind uit nou, hierdie Lig, hierdie Boom, Christus, weer verwerp deur die kerk. Hoekom? Vir dieselfde rede waarom hulle dit eerstens gedoen het, die ou valse skynsels van ligte van ander dae. En "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Hebreërs 13:8 sê Hy is. Hy is dieselfde vandag as wat Hy toe was, omdat Hy dieselfde ding doen as wat Hy gedoen het. Dieselfde Woord, daardie Christus.

217 Luister, ek wil julle nou net neem, en hierdie persoonlik laat wees. Ek weet nie, ek's 'n bietjie onseker om daardie nou af te skakel of nie, sien, vir daardie band. Ek sal dit net daar laat bly. Sien? [Gemeente juig—Red.]

218 Ek wil julle iets vra. Kyk, hou hierdie dop. Sien: "Hy is dieselfde gister, en vir altyd." Kyk. Sy werke, wat Hy gedoen het, manifesteer ditself. Nou luister aandagtig. Toe Hy daar gestaan het, in Johannes 14:12, het Hy gesê: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. Groter as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na My Vader." Nou, Hy het dit gesê. "Hemel en aarde sal verbygaan, maar daardie Woord sal nooit faal nie." Nou as ons by die laaste einde van die eeu is, waar gaan daardie "groter werke" kom? Sien? Ons is hier. Ons het nie . . .

219 Luister, as die Romeinse kalender reg is, het ons ses-. . . het ons ses-en-dertig jaar oor. Elke tweeduisend jaar, kom die wêreld by haar einde. Eerste tweeduisend jaar, vernietig deur water; tweede tweeduisend jaar, het Christus gekom. Hierdie is 1964 wat kom; ses-en-dertig jaar. Nou, die Egiptiese sterrekalender sê ons is sewentien jaar uit: "dis sewentien vorentoe van daar af," dit sou negentien jaar oorlos.

Jesus het gesê: "Die werk sal kortgeknip word, om die Uitverkorenes se ontwil, of daar sou geen vlees gered word nie." Waarby is ons?

220 "Die werke wat Ek doen sal julle ook. Dieselfde soort, maar groter, sal julle doen." Nou kyk. Luister aandagtig. Kry op julle . . . Ek bid dat God julle hart en julle verstand sal oopmaak, vir begrip, sodat julle sal verstaan sonder om te sê dis te veel hier. Let op. Hy het eendag gesê . . .

Laat ons party van die "groot werk" sien wat Hy gedoen het. Laat ons net stilstaan vir net 'n paar dinge. Laat ons dink.

Eenkeer, het Hy gesê: "Gee julle hulle iets om te eet."

Hulle het gesê: "Ons het niks."

Gesê: "Wat het julle? Bring vir My wat julle het."

En hulle het gesê: "Ons het vyf garsbroodjies en twee visse."

Hy het gesê: "Bring hulle vir My."

221 En Hy het die oorspronklike vyf garsbroodjies geneem en die broodjies begin breek. En, uit die oorspronklike, het Hy brood gemaak. Dit het vyfduisend gevoed. Is dit reg? [Gemeente sê:

"Amen."—Red.] Toe het Hy gesê, en Hy het 'n vis gekry: "Gee vir My die vis aan." Dit was 'n vis, om mee te begin. En Hy het afgeneem, van daardie vis, nog 'n vis en nog 'n vis, en vyfduisend gevoed. Is dit reg? ["Amen."]

Maar in die laaste dae het Hy niks gehad nie. Hy het net gespreek, en gesê: "Sê dit sal daar wees," en dit was daar, sonder enigiets daarin. Hy het nooit 'n eekhorinkie gehad nie; daar was nie een daar nie. Hy het net gesê: "Laat daar wees," en daar was. Sien? O, Sy Woord is onfeilbaar, en Dit moet vervul word.

222 Ek kon julle dinge vertel wat julle sou skud. Sien? Dis daar wanneer Hy sê dis daar. Laat Hom dit sê. Sien, net presies.

223 Sien, die Ooste, die Weste hier het teruggekom en die Ooste ontmoet. Dit was Moses, selfs sand opgetel, en gesê: "Laat daar vlooie wees," ensovoorts soos daardie: "op die aarde." Maar in hierdie laaste dag vat Hy nie enigiets nie; sien, net die Woord. "Laat dit wees," en dit is. Wat gesê is, dis hoe dit sal wees.

Ek wil getuig van sommige van daardie dinge vanaand, sien, sien, van wat gebeur het, dat julle kan sien Hy is steeds God. Sy Woorde kan nie . . .

"Hierdie werke wat Ek doen, sal julle ook, en groter as hierdie sal julle doen. Ek het 'n vis geneem om 'n vis te maak; julle hoef nie eens 'n vis te hê nie." Sien? Hy is steeds God, is steeds dieselfde Seun [Eng. "Son."—Vert.]. Dieselfde Seun [Eng. "Son."] van God wat 'n vis van 'n vis afgeneem het, is dieselfde Seun van God vandag. "Hierdie werke wat Ek doen sal julle ook. Selfs groter as hierdie sal julle doen." Dit sal vergroot word: "Groter as hierdie sal julle doen." En mense weier om dit te sien. Huh! "Groter werke!"

224 'n Vals lig. Julle weet, ek het pas aan iets gedink. Ek het heelwat verwys na Engeland, maar ek het gedink aan 'n valse lig. Hier nie lank gelede nie, julle almal onthou daardie grootste rooftog wat—wat Engeland ooit gehad het, wat gedoen was. Dit was 'n sewe-miljoen-dollar aanhouding. Ek dink nie daar was ooit enigiets in die wêreld om daarmee te vergelyk nie. 'n Groot aanhouding, onlangs, van sewe miljoen dollar, selfs Scotland Yards kan dit nie uitpluis nie.

Julle weet hoe hulle dit gedoen het? By 'n vals lig. Hulle het 'n lig op die spoorlyn gesit, waarskuwing, heelpad af totdat dit gekom het by 'n rooi lig, en hulle gestop het. En daar het die rooftog plaasgevind, net op die regte plek. 'n Vals lig het die grootste rooftog opgelewer wat die nasies ooit geken het. Dit het die nasies besteel. Van die grootste aanhouding, grootste rooftogte, dit was gedoen by 'n vals lig.

225 En die grootste rooftog wat die kerk van God ooit gehad het is 'n vals lig, 'n skynsel, hulle denominasie. Dit het hulle beroof van die krag van die Heilige Gees. Dit het die einste Lewenslyn van die kerk af weggeneem. Dit het hulle beroof van die Woord,

toe hulle 'n geloofsbelydenis in plaas van die Woord geneem het. Dit het hulle beroof.

O, hulle maak aanspraak om die Woord te hê. Die Woord lewe Ditself uit vir die eeu; Dit maak Ditself bekend. Hulle maak aanspraak daarop dat hulle die Woord gehad het, destyds in die dae van Jesus ook. Maar Dit het gesê: "Hulle het 'n groot Lig gesien," en hulle het Dit verwerp. Hulle het Dit gesien, maar Dit verwerp.

226 O, vals lig, ja, dit het die kerk die grootste rooftog gekos wat dit ooit gehad het. Koue denominasionele geloofsbelydenisse, broer, sal nie 'n bevestigde Woord, 'n korrel ryp maak nie. Die Bybel het gesê, Jesus het gesê: "Die Woord van God is 'n—'n Saad wat deur 'n saaier gesaai is." Sien? En koue geloofsbelydenisse sal nie daardie Woord ryp maak nie. Nee, nee!

Koue sneeustormdae sal nie die koring ryp maak nie. Nee, inderdaad nie! Dit neem die warmte van die sonlig, omdat dit God se gesproke Woord was om so-iets mee te doen.

En dit sal die gesproke Woord van God neem, vandag, om die heiliges van God te wys dat Jesus Christus lewe. Net soos wat Hy gister was, is Hy vandag. Geloofsbelydenisse en denominasies sal dit nooit doen nie. Hulle is koud en onverskilligheid, en die korrel sal reg in die grond verrot. Dit kan nie daaronder voortkom nie.

227 Dis die rede, vandag, dat ons het wat ons doen. Soos ons dierbare Broer Billy Graham, die groot herlewingsprediker. Ek dink God gebruik die man. Maar kyk wat hy doen; gaan uit daar tussen daardie Baptiste en Presbiteriaan. Wat doen jy? Kry 'n klomp kerkaansluiters.

228 Sien waar die Suidelike Baptiste daaronder kraai omdat hulle die meeste denominasies gehad het, of, hulle denominasie meer gegroei het as enige ander Protestante? Die Katolieke het hulle almal geneem, amper, verlede jaar. Het julle dit gesien in die koerant? Dit het beslis. Moenie bekommerd wees nie, dit gaan hulle almal neem, want dit neem Baptiste en almal, reg bymekaar. En hulle is almal die een, en weet dit nie.

Die raad van kerk, Raad van Kerke, maak hulle almal net dieselfde ding. Denominasie maak. . . Hoekom, hoekom sal julle *hier* oorkant of *hier* oorkant wil bly? Solank julle *Hierdie* verwerp, watter verskil maak dit? Gebruik julle nie dieselfde denominasionele etikette nie, net dieselfde as wat julle by een plek is nie? Een, die dier; en die ander een, die merk. So, daar het julle dit, so maak net nie enige verskil nie.

229 Dis waar hy was. Hy het sy seël van goedkeuring gedruk, en daar neem julle dit. En daarheen het sy almal gelei, net reguit na die Wit Huis, en na Washington, D.C., en—en die Raad van Kerke, en daar gaan julle. Die geestelikes het hulle reguit aan teruggeneem, presies wat die Bybel gesê het hulle sou doen. [Broer Branham klop ses keer op die preekstoel—Red.]

Goeiste, wens daardie horlosie het nie so vinnig geloop nie! [Gemeente sê: "Neem jou tyd."—Red.]

230 Nou, dink nou net waarby ons is. Kyk na die beloftes vir die dag, weer verwerp. Hoe die kerke gemaak het in hierdie laaste dag, die denominasie skynsel!

231 Deur te lewe in die vals skynsel, is die rede waarom Dit nie sal rypword nie. Dis die rede, dat, hierdie Woord, julle nie die wonderwerke sien nie.

232 'n Priester het 'n onderhoud met my gevoer, nie lank gelede nie, en hy het gesê: "Meneer Branham," hy het gesê: "hoe doop jy?" 'n—'n Sekere meisie wat uit hierdie kerk gekom het; en teruggeval het en getrou het met 'n Katolieke seun, en in die Katolieke kerk ingegaan het. En hy sou haar in die kerk inneem.

233 Ek het gesê: "Ek het haar gedoop in Christendoop."

Hy het gesê: "Die biskop wil weet."

Ek het gesê: "Goed, daar is dit."

Gesê: "Sweer jy hierby?"

234 Ek het gesê: "Ek sweer glad nie." En hy het gesê . . . "Ja," gesê: "as hy nie my woord daarvoor kan neem nie, wel, is dit in die haak. Want, ek sweer nie. Die Bybel het gesê: 'Moenie sweer by die hemele nie; dis God se troon; die aarde is Sy voetbank. Laat jou ja "ja" wees, en nee, "nee."'" Ek het gesê: "Hy sal my woord daarvoor moet neem."

Gesê: "Wel, jy—jy het gesê: 'Christendoop,' wat bedoel jy daarby, deur—deur onderdompeling?"

235 Ek het gesê: "Dis die enigste manier waarop Christendoop gedoen word." Ek het gesê: "Ek het haar in die Ohiorivier gedoop; haar onder die water ingeneem, in die Naam van Jesus Christus, en haar boontoe gebring. Ek het haar gedoop in die 'Naam van die Here Jesus Christus,' wat die enigste Christendoop is wat daar is."

Gesê: "Ja, meneer." Hy het dit so neergeskryf. En hy het gesê: "Vreemd!" Gesê: "Jy weet, die Katolieke kerk het eers so gedoop."

Ek het gesê: "Wanneer?"

En hy het gesê. Voortgegaan en die gesprek het aangegaan vir 'n tydjie. En hy het gesê: "Wel, ons is die oorspronklike Katolieke."

236 Wetende, die—die boeke het net daar gelê, julle weet, en die geskiedenis daarvan, het ek gesê: "Dis waar, maar," het ek gesê: "hoekom doen julle dit nie vandag nie?"

Hy het gesê: "Ons het mag om sondes te vergewe." Gesê: "Jesus, het Hy nie Sy dissipels vertel: 'Wie se sondes julle ook al vergewe, vir hulle is dit vergewe; en wie se sondes julle ook al behou, aan hulle is dit behou' nie?"

Ek het gesê: "Ja, meneer. Hy het."

Hy het gesê: "Gee dit dan nie die kerk die gesag nie? Petrus was die hoof van die kerk."

237 Ek het gesê: "As die kerk die sondes sal vergewe op die manier wat Petrus het." Ek het gesê: "Nou, toe hulle gevra het: 'Wat moet ons doen om gered te word?' Hy het gesê: 'Bekeer, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergifnis van julle sondes.'" Ek het gesê: "As julle dit doen, dan gaan ek saam met julle."

"O," het hy gesê: "jy probeer die Bybel bepleit."

Ek het gesê: "Dis die Woord."

Hy het gesê: "God is in Sy kerk."

Ek het gesê: "God is in Sy Woord. 'Elke mens, ander mense se woorde, is 'n leuen; Syne is die Waarheid.'" Sien?

238 So daar was geen manier wat hy dit kon sien nie. Maar daar—daar gaan hulle, reguit voort in duisternis. En die Protestante, by die duisende, wat daarin val. Hier is hulle, reg by die aanvaarding van hulle geloofsbelydenisse en dinge, gaan reguit voort daarin. Die Woord wat reguit uitkom, wat dit bewys, Jesus Christus wat Homself manifesteer: "selfde gister, vandag, en vir altyd." In daardie geloofsbelydenisskynsel beweeg hulle reguit aan uit in die duisternis in. Net soos hulle gemaak het in Noag se tyd, net soos hulle gemaak het in alle tye, doen hulle dit weer vandag, reg uit in duisternis in! Hoekom? Hulle verwerp die Lig omdat die geloofsbelydenis hulle verblind het.

239 O, wat 'n verdonkerde uur waarin ons nou is! Uh-huh! Ja, hulle verwerp God se ware Ewige Lig, en dis wat dit doen.

240 Koue denominasies kan nooit Lewe na die Woord van God bring nie, want dit bring lewe na hulle denominasie. Ons het nou meer erkende Christene op die oomblik . . . Kyk hier, as die Christen . . .

Ek het hierdie priester dit gevra. "As die . . . Ek sal saam met jou gaan, dat die katolieke Kerk was, aan die begin, by Pinkster," nie by Nicaea, Rome nie. Die Kerk het nooit begin by Nicaea, Rome nie. Dit het begin by Pinkster. Sien? By Jerusalem is waar die Kerk begin het. Maar ek het gesê . . .

241 Hier, ek sal erken dat hierdie mense, daardie slawe en dinge, wat die Heilige Gees gekry het, hulle meesters het hulle magte en dinge gesien, wat hulle gedoen het; opwekking van die dooies, praat in tale, uitdryf van duiwels, voorspelling van dinge. En profete onder hulle, ensovoorts, het uitgekom met skaapvelle om hulle; kruie geëet, gekom na daardie Nicaea Raad, ensovoorts, en hoe groot manne! En daar het hulle daar uitgekom, en opgekom daar na daardie Nicaea Raad, gestaan vir daardie Woord.

Maar, daardie bloedige vyftien dae, het hulle "Vader, Seun, en Heilige Gees," as 'n geloofsbelydenis aanvaar, in plaas van die Bybel se doktriene: "in die Naam van Jesus Christus." Daardeur het al die Protestantse kerke gekom, reg daarin gebore, dieselfde ding, al hierdie ander dinge. Die valse begrip van die Heilige Gees; hulle het geneem, neem die nagmaal, drink die wyn: "Dit is die *heilige eucharistie*, wat beteken: 'Heilige Gees.'" Die priester gee dit vir jou.

242 Nou, die Bybel lees nie: "Toe die Pinksterdag ten volle aangebreek het, hier het 'n priester met die pad op gekom, kraag omgedraai, gesê: 'Lek jou tong uit en neem die heilige eucharistie,'" nie. Nee, Dit het nie gesê nie: "Hardloop al julle mense hier op en gee my die regterhand van gemeenskap, julle Baptiste, Metodiste, en Baptiste, ek sal julle naam plaas. Bring 'n brief van iewers af."

243 Hy het gesê: "Hulle was almal in een plek, in eensgesindheid. En skielik het daar 'n geluid uit die Hemel gekom soos 'n magtige rukwind, en dit het die kamer gevul waar hulle gesit het. Hulle is almal gevul met die Heilige Gees, en het begin praat met ander tale, soos die Heilige Gees hulle uiting gegee het. En daar. . . " Hulle het uitgegaan in die straat, gesteier soos dronk mense, Maria en al die res van hulle, onder die impak van die Heilige Gees.

Wel, die mense het gesê, gelag vir hulle en gesê: "Hierdie mense is vol nuwe wyn." Wat was hulle? Verblind deur 'n geloofsbelydenis.

244 Daardie twee-by-vier predikertjie het daarbo gestaan, genaamd Petrus, en hy het gesê: "Julle manne van Judéa, en julle wat woon. . . julle manne van Jerusalem, wat woon in Judéa, laat dit bekend word aan julle, en luister na my woorde. Hierdie mense is nie dronk nie. Maar laat ek vir julle sê wat die Skrif gesê het dit sal wees. Hierdie is die Lig. Hierdie is die Woord gemanifesteer." Amen.

Selfde ding gebeur vandag, en hulle maak soos hulle toe gemaak het, weggeloop en hulle koppe geskud. Gesê: "Laat hulle alleen; blinde lei die blindes, hulle val almal in die sloot."

245 O, dit neem Christus, Ewige Lewe, om die Woord van die Lewe na die bevestiging te bring, vlees gemaak. O, goeiste, goedheid! Neem die Woord. . . neem die Heilige Gees om die Woord van God te opereer.

246 Toe Jesus gesê het: "Gaan julle in die hele wêreld in, en preek die Evangelie aan elke skepsel." Nou kyk, Markus 16, Sy laaste opdrag. "Die hele wêreld, die hele wêreld," dit het nog nooit daar gekom nie, sien. "Die hele wêreld, en preek die Evangelie aan elke skepsel. Hy wat glo," in die hele wêreld: "en gedoop word, sal gered word; hy wat nie glo nie, sal verdoem word. En vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg."

"Hulle sal hande skud met die predi-. . . "? Nee. "Hulle sal 'n goeie kerklidmaat wees"? Nee.

"In My Naam sal hulle duiwels uitdryf; in nuwe tale sal hulle praat; as hulle slange opneem; of, dodelike goed drink, dit sal hulle nie skade doen nie; as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." O, goeiste!

247 Hoe ver? "Elke skepsel." Hoeveel? "Die hele wêreld," totdat Hy weer kom. "Hierdie tekens sal. . . " "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen. Selfs groter as hierdie sal hy doen, want Ek gaan na My Vader."

248 O, hoe ons Daarvan kan wegloop, is meer as wat ek kan sê! Ons is in meer duisternis nou, as wat hulle was. Het nou net nog 'n paar verse hier, dan wil ek by die einde kom so gou as moon-. . . Ons is in meer duisternis as wat hulle was.

Ek weet ek maak julle moeg hier, vir omtrent 'n uur-en-'n-half. [Gemeente sê: "Nee!"—Red.] Maar, sien, hierdie band is aan die gang daarbinne. Sien? Sien?

249 Hulle is in meer duisternis as wat ons is. Ek het die stelling gemaak, daardie. Hoekom? Die kerke, in hierdie skynsel, is so misleidend, dit lyk na die Waarheid. Nou, het Jesus nie gesê nie? Laat ons Matthéüs 24 sien, sien. Matthéüs 24, het Jesus gesê dat: "In die laaste dae, sal die twee geeste so naby wees, totdat die einste Uitverkorenes sou mislei as dit moontlik was." Daar sou 'n uitverkore groep uitkom om die Kerk te maak, in die laaste dae. En hierdie organisasies, met wat hulle hulle Waarheid noem, sou soveel soos die ware Ding wees, dat dit die einste Uitverkorenes sou mislei, selfs Pinksters.

250 Nou, jy weet jy gaan nie 'n Pinkster neem en hom mislei met 'n sekere Metodiste of Baptiste doktriene nie. Jy gaan hom nie dit vertel nie. Hy weet beter. En jy gaan ook nie 'n sekere Baptis met 'n Lutherse doktriene mislei nie. Sien?

En jy gaan ook nie die Boodskap ontvang, om die Boodskap nou in hierdie Woord te sien, deur 'n sekere Pinksterdoktriene, 'n valse "Vader, Seun, en Heilige Gees," en al hierdie goed soos daardie, en daar terug in daardie geloofsbelydenisse wat hulle in daardie organisasie opset het nie. Nee, inderdaad nie. Jy sal hulle nooit mislei nie, want die Uitverkorenes sal nie mislei word nie.

251 Wat is dit? Wat is dit? Misleiding. Hierdie skynsels, wat doen hulle? Hulle lei die kerk na die raad slagting, deur hulle skynsel. Dit sal die finale slagting wees, wanneer sy en Rome met mekaar verbind. Wanneer hulle daardie beeld van die dier vorm, is dit die finale slagting. En hierdie skynsels wat julle nou het, kyk wat doen dit, lei die mense. Dis 'n bok.

252 'n Bok lei altyd die skape na die slagting. Julle het dit gesien in slaghokke. Daardie bok sal daar ophardloop en die skape lei,

dan sal hy uitspring en die skape laat ingaan. Dis wat hy doen. Hy doen dit altyd.

Dit was die bokke wat Jesus, die Lam, gelei het, na die slagting. Die Romeinse bokke! Dis reg.

Dis die—dis die denominasionele bokke vandag, wat die onskuldige skape na die slagting lei. Plaas hulself, hulle name op daardie boeke daar oorkant, en hulle is gedaan. Dit is die merk van die dier. In die Naam van die Here, spreek ek. Dit gehou vir 'n lang tyd. Dis waar. Dis presies. Wat is die dier? Wat is die dier? Dis die Romeinse hiërargie, die eerste organisasie. Wat is die merk daarvan? Dieselfde ding, presies, presies dieselfde ding, as wat dit was. Die slagting, na die skynsel!

253 Maar ten aanskoue van die huidige duisternis, het ons nogsteeds die Lig van God sien deurskyn. Hoe dankbaar is ons daarvoor!

254 Luister aandagtig. Ons het die Lig gesien, Sy Woord wat beloof is vir hierdie dag, bewys en bevestig. Dis die Waarheid, die Lig van die uur. O, goeiste! Ek is so bly. Daar is niks verkeerd nie. Daar is niks.

255 Hier nie lank gelede nie, het 'n prediker gesê dat hy onder in Florida was, en hy het vir hom 'n—'n motor gekry, ek dink dit was 'n Chevrolet, en die ding het ingegee. Hy kon dit nie regkry nie. En hy het in die motorhawe ingegaan en 'n klein ou werktuigkundige het onder dit en oor dit gegaan, en rondgepik; hy kon dit nie regmaak nie. En hy—hy sou *hierdie* probeer, en dit sou nie werk nie. En hy sou iets anders probeer; dit wou nie werk nie. Hy sou 'n ontwikkelaar opsit, *hierdie* opsit, en vonkproppe insit, punte insit; hy kon nie die ding laat werk nie. Hy kon dit net nie laat werk nie.

Uiteindelik, het 'n goed-geklede man nadergestap. Hy het gesê: "Mag ek jou bietjie raad gee?"

256 Die klein wegtuigkundige het genoeg verstand gehad om te sê: "Ja, meneer."

Hy het gesê: "Jy neem *hierdie*, en maal *hierdie* en *hierdie*, en," hy het gesê: "sit daardie eenkeer bymekaar en probeer dit." En hy het *hierdie* maal *daardie* geneem, en dit bymekaar gesit, en daar het sy gegaan.

257 Die klein werktuigkundige het omgedraai, en gesê: "Sê, wie is jy?" Hy was die ingenieur, General Motors se hoofingenieur. Hy het die ding gemaak. Hy was die een wat dit ontwerp het.

258 En, vandag, wanneer ons praat oor Metodis, Baptis en Presbiteriaan. Die Hoofwerktuigkundige is hier; die Ontwerper van Sy Woord, die Man Wie die hemele en aarde geskape het, en Sy Kerk ontwerp het! Weet Hy meer oor wat dit verg vir die Wegraping, of weet die Metodiste of Baptiste kerk meer wat dit verg? Hy is die Ontwerper. Hy weet wat dit verg. Hy is goed

geklee in die Krag van Sy optanding. Halleluja! Hy wandel onder ons, vandag, in die Krag van Sy opstanding.

Hy weet wat dit verg om 'n Kerk in Wegrapingsorde te plaas. Hy het Dit ontwerp, en die dele bymekaar gesit hier in die Bybel. Amen! Laat net die Stroom Daardeur vloei, kyk nou hoe Dit werk. Laat geloof, in Sy beloofde Woord van vandag, deurvloei, julle sal sien hoe Dit werk. Hoekom? Hy het die Ding ontwerp. Hy het Sy Kerk ontwerp deur die Woord. Dis wat Hy bymekaarsit. Nie deur Metodis, of Baptis, of Presbiteriaan, of Pinksterorganisasie nie; maar deur Sy Woord. "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." Ja, meneer.

259 Kom uit daardie skynsels uit, in die midde van duisternis, hierdie donker tyd waarin ons nou lewe. (Het omtrent nog net vyf minute oor.) In die midde van duisternis, wie gaan die klein Bruidjie uitbring? Wie weet Daarvan? Die Hoofontwerper. O, ja. Uit al hierdie verwarring van skynsel!

Hier, die Metodiste wat eenkant toe skyn, die Baptiste 'n ander, en die Presbiteriane 'n ander, en die Pinksters 'n ander, al hierdie skynsels rondom. Hulle hardloop, sit hulle naam *hier* oorkant, in hierdie skynsel hier; vind uit, iets daar. En kom *hier* oorkant; en iets daar. Kom *hier* oorkant . . .

260 Soos ek vir daardie priester gesê het: "As julle almal die oorspronklike kerk is, en julle het agter die doktriene van hierdie manne aangegaan wat bymekaar gesit het by Nicaea, hoekom is dit dan dat julle nie die krag het wat hulle daar destyds aan die begin gehad het nie? Sien? Hoekom doen julle nie die dinge wat hulle gedoen het, wat Jesus gesê het nie?"

Gesê: "O, ons is meer mense nou. Ons, ons lewe in 'n ander eeu."

261 Ek het gesê: "Maar die Woord verander nie. Hy het gesê: 'Hierdie tekens sal hulle volg tot in al die eeue. Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit.' Daar's dit."

Hy het gesê: "Wel, jy praat van 'n Bybel."

262 Ek het gesê: "Ja, die Woord, wat Christus is." Dis reg. En so daar het julle dit. Sien?

263 En in hierdie skynsel, die Metodiste wat hulle s'n toon, die Baptiste wat hulle s'n toon, die Presbiteriane hulle s'n, elkeen wat groter en groter groei, die hele tyd.

Die arme klein Bruidjie, waar is Sy? Sy het oorgehardloop hier by die Pinkster Eenheid, 'n tydjie; Sy het Haar naam daarop geplaas, en Sy sê, wel . . . Uitgevind, kyk wat doen hulle. En hulle het hiernatoe gekom en: "Jy moet aan ons behoort. As jy nie aan ons kerk behoort nie, is jy nie eens in die Bruid nie. Jy's nie enigiets nie." Gaan hier na die Gemeentes toe, en kyk wat hulle

het; daar is jy weer. Gaan af na die Baptiste, kyk wat hulle het. Kyk na die Presb-. . .

264 Wat gaan gebeur met die arme klein Dingetjie? Sien? Maar Sy kom voort. Moet julle nie bekommer nie. Sy gaan daar wees.

265 'n Kêrel het gesê, hier omtrent 'n paartjie jare gelede. Hy was onder in New Mexiko. Ek het 'n byeenkoms gehou daar naby aan Carlsbad Grotte. Julle het gehoor van hulle daaronder, die groot. . .En hulle het 'n man en sy vrou geneem, en 'n klomp kinders, gegaan op hierdie hyser, al die pad afgegaan na die onderkant van die gat. En toe hulle daaronder kom, het hulle al die ligte afgeskakel. En toe hulle al die ligte afgeskakel het, was dit middernagdonker.

Ek het hulle dit hier in hierdie tuine hier laat doen, en by eenkeer by oorkant in Colorado daar, ek en my vrou, daaragter, was daarin. En hulle het daardie ligte aangeskakel. Goeiste, jy plaas jou hand soos *hierdie*, jy kon niks sien nie.

En daar was 'n klein meisietjie wat daar gestaan het, en sy het begin skree: "O!" Geskree. Sy, sy was tot die dood toe bang, dit was so donker. Die arme klein dingetjie het oral gegryp, en probeer skree en gil vir haar pappa, mamma, oral. Sy kon dit net nie uithou nie, dit was so donker. Sy het nooit sulke duisternis gesien nie.

266 En dis omtrent hoe dit nou is. Dis reg. Dis so donker, jy weet nie waarheen om te gaan nie. Jy gaan na die Metodis, gaan na die Baptis, gaan na die Presbiteriaan, dis alles dieselfde ding, sien, eet daardie ou dooie, verrotte manna met wikkelstertwurms daarin. Sien, dieselfde ding, een of ander geloofsbelydenis: "Kom in en sluit *hierby* aan, en die ander *daarby*," ou geloofsbelydenis en alles. Jy sien nie Christus daarin nie. Sien? O, julle sien eiegeregtigde mense, ek sou so sê. Baie is goeie mense daarbinne nou, in daardie denominasies. Ek sê die stelsel, nie die mense daarbinne nie. Maar, julle sien, dis waaraan hulle eet. Vertel hulle daarvan!

En *Hier* is vars Voedsel!

267 En hierdie klein meisietjie wat daar gestaan het, sy het geskree, so hard as sy kon, omtrent gereed om histeries te word; omtrent soos die klein Bruidjie is. Maar weet julle wat? Haar klein broertjie het uitgeroep, gesê: "Klein sustertjie, moenie vrees nie." Want, hy het reg langs die ingenieur gestaan. Gesê: "Daar is 'n man hier wat die ligte kan aanskakel."

Moenie vrees nie, klein Sustertjie, daar is 'n Man hier Wat die Lig kan aanskakel. Hy kan hierdie Woord laat lewe. Ons weet nie hoe Hy kom nie. Ons weet nie hoe, wanneer Hy kom nie. Ek weet niks daarvan nie. Maar Hy is hier, en Hy kan die Ligte aanskakel. Hoe gaan ons daar uitkom? Ek weet nie. Maar Hy's hier, en Hy is die Een wat die Ligte kan aanskakel. Ja, meneer. Hy is die Een.

Hy is die Lig. Hy maak net Homself bekend, dis hoe Hy die Lig aanskakel. Presies reg.

Dit neem Christus, om Sy Ligte te laat flits, dan spat al die duisternis uitmekaar. Hy skei. Hy trek Sy klein Bruidjie uit. "Ek sal 'n volk uit die Heidene neem, om My Naam's ontwil, wat My Naam sal hê." Wat is Sy Naam? Goed. Nie Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Lutheraan nie. Dis Jesus Christus. Dis reg.

268 Hy is die Lig, die Waarheid; die Lig, en daar is geen duisternis in Hom nie. En Hy laat die duisternis uitmekaar spat wanneer Hy inkom, want Hy is die Woord. Die Woord is die Lig. Dis reg. Want, Hy het gespreek en gesê: "Laat daar lig wees," dit was die Woord wat lig geword het. Wanneer Hy *Hierdie* spreek, is dit die Lig van daardie eeu, elke keer.

Nou Hy is hier, in—in nie in 'n skynsel nie; maar mense lewe in 'n skynsel. Maar Hy is die bevestigde Woord. Hy is absoluut die—die Lig in die tyd van duisternis. Ja, meneer. Al hierdie vals skynsels en dinge sal wegsterf. Ja, meneer. Hy is hier. Moenie vrees nie. Skakel die Ligte, Sy beloofde Woord aan. Dit lewe. Dit maak . . .

"Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, doen julle ook." Dan, is dit die Woord. "Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle." Die Vader wat Hom gestuur het, kom in Hom. Die Jesus wat julle stuur, kom in julle. En die werke wat Hy toe gedoen het, Hy doen dieselfde ding, want (hoekom?) die Woord het vlees geword, in menslike vlees, Ditself gemanifesteer as die Lig van die dag. Daar is ons. Daar is dit. Dit wys net die weg na Lig, in die Lig. Wyse manne, wie nie verblind is deur geloofsbelydenisse en denominasie nie, sal wandel in daardie Lig. O, goeiste!

269 Daar is 'n Man hier wat die Ligte kan aanskakel, inderdaad. Wat doen Hy? Deur Sy Woord te bevestig vir hierdie dag. Jesus, die Seun van God, Wie die Woord vir hierdie dag belowe het, is net hier by ons.

Moenie bang word nie. Moenie enige aandag gee aan wat hulle doen nie; as julle dit doen, sal julle in duisternis wandel.

Wees verstandig. "Hulle wat verstandig is," het Daniël gesê: "in hierdie laaste dae, sal heldedade doen vir hulle God." Sien? Sien? Hulle sal wandel in die Lig, soos Hy in die Lig is.

270 Moenie bekommerd wees nie. Dit mag donker wees, lyk asof hulle ons almal, elkeen gaan forseer. Al hierdie, julle sien hulle uitvaardiging uitgaan: "Al hierdie klein kerkies en dinge moet nou inkom. Julle moet inkom," of hulle gaan jou toemaak. Hulle gaan dit maak.

271 Nou ons wil dit baie hard tref, vanaand, wanneer ek by hierdie tyd kom, sien.

272 Nou, hulle: "Ons gaan toemaak." Jy moet een van hulle wees, of nie. Jy's—jy's óf daarin, óf jy kan niks doen nie, kan nie eens

koop of verkoop nie. Daar's dit. Jy waag nie om te bid vir die siekes nie. As jy gevang word, preek vir enige sieke of enige persoon met enige geestelike ding daarin, is jy onderhewig aan 'n federale wet, om tereggestel te word. Dis presies reg. Sien? Julle weet dit. Dis reg. Dis in hulle koerante. Ja, meneer. So, jy kan dit nie doen nie, jy moet behoort aan die kultus.

Broer, laat ek jou iets vertel. Jy beter nou vir seker Christus in jou hart kry, want daar kom 'n tyd, wanneer jy Dit regtig gaan nodig kry. Jy's uit dan. Onthou, wanneer daardie seël opgesit word, is sy daar vir goed. Sien? So, moet dit nie doen nie. Moet jy nie daardie goed glo nie. Kom jy reg in Christus in nou dadelik, die Woord. Ja, meneer.

273 Bevestig die Woord, en wys dat Dit die Lig is van die uur. Dis hoe ons weet Hy is die Lig, want Hy is die Lig wat Ditself in vlees manifesteer.

Hoe weet ons? Hy was God se Woord wat vlees geword het. Sien, God se Woord het Ditself getoon, Homself bevestig, toe die Messias gekom het, wat Hy sal doen.

274 Die vrou het gesê, by die put: "Wanneer die Messias kom, sal Hy hierdie dinge doen. U moet die Profeet wees, wat die Woord is, om vir ons hierdie dinge te voorspel."

275 Hy het gesê: "Ek is Hy." Sien? Dit was genoeg. Die Lig het geskyn op die beloofde Woord. Daar is die Lig.

276 Sy het reguit in die stad ingegaan, gesê: "Kom, sien 'n Man, Wie my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is hierdie nie die einste Messias nie?" Dit was dit. Sien? Maak nie saak wat die ander gesê het nie, sy het geweet daardie was die Messias.

277 Onthou, in elke eeu, in tyd van duisternis, het God altyd Sy Woord, die Lig van die duisternis laat skei.

Hy het Dit gehad in die dae van Luther, toe die Katolieke kerk alles gehad het; Hy het Luther gestuur as 'n skynende Lig, en Luther het Waarheid van duisternis geskei.

En toe die Lutherane verdraaid geraak het, het Hy 'n John Wesley gemaak, en hy het die Lig van duisternis geskei.

En in die dae van pinkster, toe die Wesleyaanse heel... en die Metodiste heeltemal verstar het, en die Baptis, en die Presbiteriaan, het Hy die pinksterboodskap gestuur om Lig van duisternis te skei.

Die Pinkster het weer reguit uitgegaan in die duisternis in, soos dit, in hulle organisasie, hulle geloofsbelydenisse en dinge geneem.

Nou het die uur aangebreek vir hierdie Woord om bevestig te word. Hy stuur die Lig, die gemanifesteerde Woord, soos Hy het in die begin; stuur die Woord, en Dit bewys Ditself. Daar is

Lig, en Hy skei altyd. Dieselfde is nou, soos Ewige klein Liggies in die begin.

278 Kinders wat kyk, soos ek sê, ek's nou vyf minute oor tyd. Maar laat ek hierdie een ding sê.

Daar is 'n Man teenwoordig! Moenie bang word nie, maak nie saak wat hulle sê nie. Ek het dit sien kom by 'n plek tot waar ek nie geweet het waar om volgende te beweeg nie, maar Hy is altyd teenwoordig. Die onfeilbare Teenwoordigheid, Hy is altyd daar. Hy kan die Lig aanskakel. Ja, meneer. Hy wag net, kyk wat jy gaan doen. Hy kan die skakelaar enige tyd oorskakel wat Hy wil. Ja, meneer.

279 Daar is 'n Man hier wat die Ligte kan aanskakel. "Hulle wie gesit het in die lande van die skaduwees van die dood," sommige van hulle onder kanker, sommige van hulle onder die dood van denominasie, sommige van hulle onder die dood van geloofsbelydenisse, sommige van hulle onder die dood van tradisies, en al daardie soort van dood: "en hulle het 'n groot Lig gesien." Die Man wat toe die Ligte geflits het, is dieselfde Een Wie gesê het in die begin: "Laat daar lig wees." Daardie selfde God, "gister, vandag, en vir altyd," Hy is teenwoordig vandag, nou net hier. Moenie bang word nie. Hy kan die Ligte aanskakel.

Wanneer die vervolging kom, moenie bang word nie. Daar is 'n Lig, gesê Hy sou Sy mense wegvoer. Sy sal nie deur die verdrukking gaan nie. Sy sal dit nooit doen nie. Hy het gesê Sy sou nie. Sy sal weggevoer word. "Hoe gaan hulle dit doen, Broer Branham? Lyk baie donker!" Maak nie saak hoe donker dit raak nie, jy nie jou hand voor jou kan sien nie, onthou net, daar is 'n Man hier wat die Lig kan aanskakel. Hy sal daardie Kerk Wegraap.

Jy sê: "Wel, ek's reg . . ."

280 Ja, Sadrag, Mésag, en Abednégo, was reg by die vuuroond, maar daar's 'n Man daar Wie die lug kon aanskakel. Ja, meneer. Daardie magtige Rukwind wat afgekom het op die Pinksterdag, Hy het Dit weer aangeskakel en al die wind van hulle af weggewaai, al die vuur. Daar was Man daar; Hy word genoem "die vierdie Man."

281 Daar is Een hier vandag. Hy is die enigste Een! Halleluja! Hy het die Ligskakelaar in Sy hand. "Vir hulle wat gesit het in die lande van die skaduwees van die dood, het groot Lig opgespring." Moet Dit nie verwerp nie. Ontvang Dit, in die Naam van die Here. Terwyl ons ons hoofde net 'n oomblik buig.

Ons sal wandel in die Lig, pragtige Lig,
Kom waar die doudruppels van genade helder is;
Skyn oral om ons bedags en snags,
Jesus, die Lig van die wêreld.

Ons sal wandel in die Lig, dis so 'n pragtige Lig,
Dit kom waar die doudruppels van genade helder is;
Skyn oral om ons bedags en snags,
Jesus, die Lig van die wêreld.

Kom, jul heiliges van die Lig, verkondig,
Jesus, die Lig van die wêreld;
Dan sal die klokke van die Hemel lui,
Jesus, die Lig . . .

Wat is? Die bevestigde Woord is Jesus vandag. Hy is die Woord.

Ons sal wandel in hierdie Lig, dis so 'n pragtige lig,
Dit kom waar die doudruppels van genade helder is;
O, skyn oral om ons bedags en snags,
Jesus, die Lig van . . .

282 Met julle hoofde gebuig. Ek wonder hoeveel hier sou wou wandel in hierdie Lig, onder die leierskap van die Heilige Gees, die bevestigde Woord van vandag? Sien? Die Woord wat God vir vandag beloof het, Dit gemanifesteer sien!

Was dit nie wat Hy was in die begin nie? Hy was die Woord. Die Seun is gebore; Hy was die Woord. Hy was die Messias; Hy was die bevestigde Woord. So die Woord dan, God het die be- . . . die einde van die begin af gespreek.

283 Nou daar is 'n Woord vir hierdie dag, en Hy is hier om daardie Woord te bevestig.

Te midde van verwarring, duisternis en skynsels, lyk dit baie soos Dit, maar dit is nie Dit nie. Dit bewys nie dat dit Dit is nie; die geloofsbelydenis.

284 Jesus het gesê: "As Ek duiwels uitdryf deur die vinger van God, deur wie dryf julle hulle uit?" Hulle het hulle nie uitgedryf nie. Sien? "Maar, nee, as Ek 'n duiwel uitdryf deur die vinger van God, dan het die Koninkryk van God na aan julle gekom."

O, laat ons daaraan dink, soos ons ons hande opsteek. Stadig nou, en dink, baie stil.

Ons sal wandel in hierdie Lig, hierdie is so 'n pragtige Lig,
En dit kom waar die doudruppels van . . .

Maak julle belydenis. Glo God nou.

Skyn oral om ons bedags en snags,
Jesus, die Lig van die wêreld.

Ons sal wandel in hierdie Lig, dis so 'n pragtige Lig,
Dit kom waar die doudruppels van genade helder is;
Skyn oral om ons bedags en snags,
Jesus, die Lig van die wêreld.

285 Terwyl hulle aanhou speel, wil ek vra. Elke eeu was dieselfde. In die dae van Noag, hulle wie die Lig verwerp het, wat het hulle gedoen? Het uitgeloop in God se oordeel in. Wat het gebeur met Farao in die dae van die Lig van die brandende bos, wat in Moses was? Het in die see van die dood ingeloop. Wat het gebeur met Datan wat begin het en toe die Lig verwerp het? Het in 'n kraak van die aarde ingeloop; dit het hom ingesluk. Wat het gebeur in alle eeue, met diegene wat nie in die Lig, die Lig van die dag, gewandel het nie?

Dis Jesus die hele tyd. Dit was Jesus in die dae van daardie mense. Dis Jesus vandag, want Hy is die Woord, en die Woord maak die Lig. Dis die Lig van die dag.

Dink nou daaraan, baie stil, terwyl ons in eerbiedigheid is, vra, wandel julle in die Lig? Terwyl ons dit weer deur neurie. [Broer Branham en gemeente begin neurie: *Jesus, Die Lig Van Die Wêreld*—Red.]

. . . pragtige Lig,
Kom waar die doudruppels van genade helder is;
Skyn oral om ons bedags en snags,
O Jesus, die Lig van die wêreld.

Laat ons nou staan, op ons voete.

286 Ek bid die Hemelse Vader om hierdie Boodskap diep te laat insink, in die harte van die mense wat teenwoordig is, en hulle wie Dit sal hoor per band. En mag die Lig voortkom op die Woord, die Saad, en elke voorbestemde Saad voortbring wat hierbuite geplant is in hierdie verskillende skynsels en organisasies. Mag hulle sien soos Nikodémus, selfs al moet hulle "in die nag kom," na die Lig kom. Skenk dit, Vader.

287 Mag daar hierdie groot vloei uitkom, uit hierdie Rots wat gesny is uit die berg, sonder hande. Dit sal hierdie Heidenkoninkryke teen die grond vergruis, al hierdie koninkryke, geestelike koninkryke en natuurlike koninkryke. En die Rots sal die hele aarde bedek; dit sal 'n gereinigde saak wees. Diegene wie daardie Rots sal vergruis, sal in poeier gemaal word; diegene wat val op daardie Rots, sal 'n soliede fondasie hê.

288 O Christus, laat my, as U dienaar, afsterf op hierdie Rots, hierdie Rots van U Woord. Here God, laat my staan, soos Dawid, en daardie krygers van ouds wat vir Dawid gestaan het, laat my staan vir hierdie Woord vandag, terwyl ek sien Dit word verwerp deur die denominasies. Dit lê hier iewers in 'n klein skuilplekkie

iewers. O God, ek. . . Skenk dat ons krag en moed sal hê, en die Heilige Gees, om te staan, want die ure word donkerder en donkerder.

Maar laat ons altyd onthou dat U teenwoordig is om die Lig aan te skakel. Op enige uur wat U wil, kan U die Lig aanskakel, Vader. So ons bid. . .

289 Soos U gesê het: "Julle is die Lig van die wêreld." Skenk, Here, dat ons Ligte, wat van U diens is, so helder sal skyn aan die andere, dat hulle die Lig van die Evangelie sal sien soos ons dit lewe, Here, dag vir dag, aan hulle die Lewe van Jesus Christus soos Hy op aarde was, reflekteer; vol nederigheid en teerheid, tog met die Woord wat reguit deur Hom gelewe het. Skenk dit, Here.

Want, ons kyk na U, die groot Een met die skakelaar in die hand. U hou die wêreld in U hand. U hou alle dinge in U hand, en onderhou die wêreld deur U Woord.

O Vader, laat ons die Woord ontvang; sal U, asseblief, Here? Laat dit die getuienis en die begeerte van elke hart hierbinne wees.

290 Vader, soos ons hierdie liedere sing. . . Soos Dawid die liedere gesing het, het hulle profesie geword. Hulle was profesie, en U het hulle erken, profesie. Soos ons dit sing, Here, laat dit in ons harte ook wees, soos ons sing: "Ons sal wandel in hierdie Lig." Laat dit wees, Here.

Hierdie is 'n pragtige Lig. Dis die Woord. Dis Christus wat onder ons lewe. Nie wat Hy was nie; wat Hy is, en, ons weet wat Hy was het slegs gereflekteer wat Hy is. En ons bid, Vader, dat die mense sal verstaan en in hierdie pragtige Lig wandel. Ons vra in Jesus se Naam.

291 En terwyl ons net 'n oomblik bly staan, wil ek hê ons moet almal sing.

292 Nou hierbinne is daar Presbiteriaan, Metodis, Katoliek. Hierdie is 'n gemengde gehoor, wanneer dit kom by denominasioneel.

293 Nou onthou, laat dit bekend wees, dat ek niks spreek teen die mense in hierdie skynsels nie. Maar ek het dit bewys, volgens die Bybel, dat hulle skynsels is. As dit nie was nie, sou Christus gedoen het soos Hy beloof het om te doen, met hulle. Sien? Maar hulle verwerp Dit. Sien? En wanneer jy daar kom, wat vind jy? 'n "Sluit by die kerk aan, sê 'n geloofsbelydenis op." En wat kom dit uit? Kom by die einde van die pad, vind jy uit dit was 'n vals, lugspieëling.

Christus is die Woord. Hy is die Lig. Lewe nou, terwyl julle kan lewe. Lewe julle vir iets.

294 Waarvoor lewe julle? Sodat julle kan sterf. Elkeen van julle, waarvoor werk julle? Om te eet. Waarvoor eet julle? Om te lewe. Waarvoor lewe julle? Om te sterf.

So hoekom nie lewe om te lewe nie? Hoekom nie lewe om te lewe nie? Dan is, die enigste manier wat julle kan lewe, om die Woord te aanvaar. Want: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie," wat ons hierbuite maak met die sweet van ons aangesig nie: "maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." Nou die Woord uit die mond van God, word hier reg voor ons bevestig, deur die Heilige Gees. Lewe Daardeur, sal julle nie?

295 Nou ek wil hê, terwyl ons dit weer sing, laat ons elkeen net in ons plek staan, oorstrek en iemand se hande neem, en sê: "Broer, kom ons wandel in hierdie Lig," terwyl ons sing *Wandel In Die Lig*. Sal julle? Bid vir mekaar, soos julle julle hande bymekaarsit, terwyl ons dit saam sing; met die sluit van ons oë, so ver as moontlik.

Ons sal wandel in die Lig, so 'n pragtige Lig,
Dit kom waar die doudruppels van genade helder is;
Skyn oral om ons bedags en snags, (Wie is Dit?)
Jesus, die Lig van die wêreld.

Nou, kom ons steek ons hande op.

Ons sal wandel in die Lig, dis 'n pragtige Lig,
Kom waar die doudruppels van genade helder is;
Skyn oral om ons bedags en snags,
O Jesus, die Lig van die wêreld.

Kom, al julle heiliges van die Lig, verkondig, (Wat is dit?)
Jesus, die Lig van die wêreld;
Dan sal die klokke van die Hemel lui,
Jesus, die Lig van die wêreld.

Almal, laat ons dit nou uitsing.

Ons sal wandel in die Lig, en dis 'n pragtige Lig,
Kom waar die doudruppels van genade helder is;
Skyn oral om ons bedags en snags,
Jesus, die Lig van die wêreld.

296 Nou met ons hoofde gebuig. Onthou toe Israel in hulle reis was, elke dag nuwe manna geëet het, het hulle gewandel in die Lig van 'n Vuurkolom. Daardie Vuurkolom was Jesus Christus. Die Bybel sê Dit was. En vandag is Hy met ons; ons het Dit. Ons weet Hy is met ons, dieselfde Vuurkolom, wat dieselfde dinge doen wat Hy het toe Hy hier op aarde was, om Sy Woord te vervul.

297 Soos ons hiervandaan gaan, laat ons onthou, daardie lied in ons harte hou soos ons na ons huise gaan, soos die wiele 'n lied sing. Voor jy jou middagete eet, buig jou hoof en dank God vir

die voortstuur van lig om voedsel op die aarde te bring, vir jou fisiese liggaam. Dank God dan vir die stuur van geestelike Lig, Sy Woord, dat Hy Voedsel vir die siel mag gee. "Want die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan."

298 Bly net hierdie lied sing vir julleself, in julle huis, onder julle mense, en ontmoet ons terug hier omtrent ses-dertig, vanaand, vir die gebedskaarte ensovoorts. Ons sal julle dan sien. Tot dan, buig julle hoofde.

299 Ek gaan vir Broer Neville vra of hy nou sal oploop hiernatoe, die pastoor, en ons sal verdaag in 'n woord van gebed.

Daar Is 'n Man Hier Wat Die Lig Kan Aanskakel AFR63-1229M
(There Is A Man Here That Can Turn On The Light)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 29 Desember 1963, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2015 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org